# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



1965

Mei

Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/tydskrifvirlette00uns_jtn

# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

REDAKTEUR: ABEL COETZEE

ADVISEURS:

*J. J. Brits, André Demedts, B. le Roux, D. F. Malherbe, Vincent van der Westhuizen, F. A. Venter.*

MEI 1965

Nuwe Reeks / Jaargang 3

Nommer 2

Alle kopie vir die tydskrif word gerig aan die Redakteur, Hoëwinde, Escombelaan 51, Parktown, Johannesburg. Ongevraagde kopie moet vergesel word van 'n gefrankeerde koevert.

Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekengeld en advertensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

INTEKENGELD: R2.00 PER JAARGANG, POSVRY.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse skenking van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Afrikaanse Pers-fonds aan die Afrikaanse Skrywerskring.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig menings van die redaksie nie.

# INHOUD


| | *Bladsy* | |
|---|---|---|
| S. C. Hattingh | 1 | Prof. Dr. M. R. Breyne 75 jaar |
| Andries Alberts | 4 | Toekomstaak van ons letterkunde |
| P. C. Schoonees | 11 | 'n Skat in die hart |
| D. M. Greeff | 12 | Namakwalandse madeliefies in die stad e.a. |
| Johan Lohmann | 16 | Gebore vyande |
| V. van der Westhuizen | 24 | Minnares e.a. |
| Jac. J. Brits | 34 | Los gedagtes oor skryfkuns |
| Clarissa Jacobi | 42 | Vijf sonnetten |
| Johan Bekker | 44 | Is Eerste beweging taalbeweging? |
| Freda Plekker | 48 | Winter e.a. |
| V. van der Westhuizen | 50 | Rebelle |
| A. J. J. Visser | 56 | Tematiese en verstegniese vernuwing wat N. P. v. Wyk Louw bring |
| Du Preez Martins | 66 | Trein bestuurder e.a. |
| P. C. Schoonees | 67 | Gedagtes oor tyd, e.a. |
| Tant Siena | 69 | Kommentaar I, II |
| | 71 | Oor Boeke |
| | 76 | Boeke ontvang |

S. C. HATTINGH:

## MARCEL ROMEO BREYNE 75 JAAR

Marcel Romeo Breyne is op 25 Februarie 1890 te Roubaix in Frans-Vlaandere gebore. Albei sy ouers is uit Wes-Vlaandere afkomstig. Sy vader, Aloys Breyne, is in 1896 in die ouderdom van 35 jaar te Parys na 'n operasie oorlede. Hy kom onder die sorg van sy moeder se familie in Roeselare toe hy een jaar oud was. Die stad van sy jeug is dus Roeselare—die stil dromende mandelstad in die groen hart van Wes-Vlaandere—die streek van Styn Streuvels, "Hard Labeur" en van Warden Oom se "Trinards." Hier woon hy gedurende die eerste 20 jaar van sy lewe onder die voogdy van 'n reeks ooms en tantes en veral aan die hand van die gawe diensmeisie Maartje Celina. Hy besoek die bewaarskool by die Susters van die Burgerskool; na sy vader se dood in 1896 weier die familie van sy moeder om hom af te gee—selfs sy moeder wat in Parys op sake was, kon dit nie reg kry om hom terug te neem nie. Hy bly dus in Roeselare, die stad van Lievens en Vincke, van Gezelle, Verriest en Rodenbach, die bakermat van die Vlaamse Studente-beweging. Hier deurloop hy al die klasse van die Kleine Seminarie aan die oewers van die Mandelbeke in Zuidstraat.

Die broers van sy vader wend wel 'n poging aan om die kind van hulle oorlede broer Aloys aan hulle sorg toevertrou te kry, want sê hulle, "niet als een bleke stedeling, maar als een gezonde boerejongen zou hy opgroeien en opgekweekt worden." Maar na 'n hewige woordewisseling moes hulle die aftog blaas: die Breynes verloor die slag teen die Laevens.

Op sy sewende leerjaar word Marcel in die voorbereidende klasse van die Kleine Seminarie opgeneem. Daar is deur die familie besluit dat hy sou studeer omdat hy bewys van sy begaafdheid gelewer het. Hy toon groot voorliefde vir stories en gedigte—'n voorliefde wat hy ten dele aan sy tante Celestina te danke het, daar sy hom van kleins af aan die droomwêreld van sprokies en verhale voorgestel het. In die Kleine Seminarie bring hy die mooiste jare van sy jeug deur. Afgesonder van die materiële lewe versink hy meer en meer in 'n geesteswêreld vol romantiek en utopiese Weltschmerz. Die studente poog almal om hulle gevoelens uit te stort in poësie of prosa volgens die voorbeeld van Conscience of Snyders of van Gezelle, Rodenbach en andere.

Die digterlike voortbrengsels van die Vlaamse jeug is destyds na studentetydskrifte soos De Vlaamse Vlagge of De Student gestuur. Hier word hulle gekeur en indien geskik, gepubliseer.

Hierin verskyn vir die eerste keer sy naam of liewers pennaam: Bertholf Biekens.

Onder hierdie pseudoniem word hy later medewerker aan die meeste Vlaamse letterkundige tydskrifte van 'n vroeër generasie, nl. voor die eerste wêreldoorlog (Biekorf, Dietsche Warande en Belfort, Jong Dietschland). Na die afloop van sy humanoria vertrek hy na Brugge en studeer aan die universiteite van Gent en Leuven. Van 1911 tot 1914 is hy die uitgewer van 'n letterkundige en folkloristiese maandblad Nieuwe Wegen. As medewerkers tree op Cyriel Verschaeve, Herman Broekaert, Warden Oom, Albert Maene e.a.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) verkeer Breyne in Duitse ballingskap. Dit gee aanleiding tot die ontstaan van 'n klein bundeltjie gedigte getiteld: *De Weergalm,* Vaderlandsche liederen uit de Duitsche Ballingschap. In die voorwoord tot die uitgawe van 1925 vir Suid-Afrikaanse hoërskole bedoel, sê Jan Celliers: "Die hoofkenmerk van hierdie boekie is dat ons daarin 'n manlike en vaderlandse hart voel klop. Die hart bloei onder die verdrukking en verongelyking wat Vlaminge in eie vaderland moet ly. Die hart snak na reg en vryheid. Die oog stort 'n traan onder die verdrukking en onreg. Dog veerkragtig, onknakbaar, lag Marcel Breyne die smart uit, bal sy vuis in die gesig van Dwingelandy, en galm sy oortuiging van uiteindelike oorwinning uit . . ."

Na die oorlog studeer hy in die filologie en word hoogleraar in Nederlnds en Afrikaans aan die Friedrick Wilhelm-Universiteit te Berlyn. Drie lesure per week word aan hom toegestaan om Afrikaans te doseer en dit was dan "de triomfantlike intrede van het Afrikaans in het uurrooster van een der grote universiteiten in Europa." 'n Vlaamse vriend, na Holland uitgewyk, stuur aan hom 'n paar boeke oor die "Afrikaanse letterkunde" en, daar hy lid was van die Nederlandsch Zuidafrikaansche Vereeniging, ook die maandblad Zuid-Afrika. 'n Resensie oor Sangiro se boek *Uit Oerwoud en Vlakte* in hierdie tydskrif laat hom die boek uit Holland bestel en bring hom ook op die spoor van die skrywer wat juis in Göttingen, Duitsland, studeer. Die ontmoeting vind plaas in Berlyn en daaruit vloei voort 'n bespreking van die vertaling in Duits van *Uit Oerwoud en Vlakte* en planne word beraam vir 'n groot rolprent-ekspedisie na Kilimandjaro. Die ekspedisie tree dan ook in vervulling toe Breyne op 14 Augustus 1924 in Hamburg aan boord van die Tanganjika stap oor die eerste skof van sy reis na Oos-Afrika. In dieselfde jaar nog publiseer hy 'n relaas van sy Reizen naar Zuid- en Oost-Afrika saam met 'n dagboek van sy jagsafari's in die geselskap van Sangiro tussen Meru en Kilimandjaro.

Soos reeds in sy wetenskaplike werke bewys (proefskrif: „De invloed van Guido Gezelle op de Zuid-Afrikaanse literatuur en de klank en lexikaliese verwantskap tussen beide talen;

Wezen en Ontstaan van de Afrikaanse taal) het Marcel Breyne 'n taak in Suid-Afrika gevind. So word dan ook uiteindelik die land van die Boere wat hy tot 'n spesiale studievak uitgekies het, sy nuwe vaderland. Van 1930 tot 1932 tree hy op as eerste ruilprofessor van die N.U.K. in Pietermaritzburg. Net vóór die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog word hy benoem as korresponderende lid van *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns.* Onlangs is aan hom die Erelidmaatskap van die Akademie toegeken. Daarna word hy senior opleidingsamptenaar by die hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse spoorweë.

In 1950 keer hy op uitnodiging van dr. D. F. Malan terug en word hy hoof van die afdeling Duitsland en die Nederlande in die Staatsvoorligtingsdiens te Pretoria.

Marcel Romeo Breyne woon tans in Durban, Natal. Aan die kus van die Indiese oseaan geniet hy die welverdiende rus na 'n ryk en veelbewoë lewe. In 1960 het daar weer twee digbundels van hom verskyn nl. *De Donkere Melodie* waarin hy hom rekenskap gee van die grootheid en grootsheid van die land tussen die Kaap en Sambesie; en *Het lied van de Karavaan* —'n romantiese terugblik en verlange na sy Vlaamse geboorteland. Die bundel word opgedra aan die Jeug van Vlaandere: "Het mag een algemeen verschynsel worden genoemd, dat, aan het einde van onze aardse pelgrimstocht, de blikken nog eens teruggaan naar de gloeiende verten van het verleden. Hier boven op de heuvelkam, waar 's levens karavaan ons heeft geleid, is het stil en eenzaam geworden en de wind die om ons waait, heeft iets van het glorieryke mysterie der Eeuwigheid . . . U, jeugd van Vlaanderen, en in het byzonder U, jeugd van myn vroegere heimat aan de Noordzee, draag ik deze late verzen op, geschreven in het verre, stamverwante land aan Kaap de Goede Hoop!"

Ook die volk van Suid-Afrika aan wie hy soveel diens kon lewer, wens hom 'n rustige en vrugbare awend toe; mag hy nog lank gespaar bly om nie net verder te werk nie maar ook om die vrugte op sy arbeid te aanskou.

ANDRIES ALBERTS:

## DIE TOEKOMSTAAK VAN ONS LETTERKUNDE

Dwarsdeur die geskiedenis van die wêreldliteratuur was elke letterkunde deur 'n wêreld- en lewensbeskouing gedra. Die beskouings was selde geformuleer, maar was as stimulerende gedagterigting 'n suurdeeg vir die kuns, godsdiens en staatsorde—die bewuste of onbewuste siel van die kultuur of die beskawing as geheel.

By die Hebreeuse letterkunde het die monoteïsme die kuns gemotiveer en gevorm. Dit was nie bloot 'n godsdiens wat een, enige God aanbid nie, maar ook 'n etiese lewensbeskouing wat later die naam Judaïsme sou kry, en Israel laat voortbestaan het duisende jare nadat Babilon onder sand toegewaai is. Dit was gebaseer op die sentrale oortuiging dat Israel 'n uitverkore volk is en gevolglik goed behoort te wees.

Tipies daarvan is die eis wat onvermoeid van geslag tot geslag deur geestelike leiers herhaal is, dat die volk met ondergang gestraf sal word as dit sy nasionale beskouing versaak.

Deur die Judaïsme besiel, het profete, kroniekskrywers en digters die Bybelboeke gekonsipieer, en werk van hoë artistieke gehalte soos Rut, Psalms, Hooglied, Spreuke, Ester, Job, Jesaja en Mattéüs 23 gelewer. Laasgenoemde hoofstuk bevat die grootste versreël in die wêreld:

*Blinde leiers, julle wat die muggie uitsif, maar die kameel insluk!*

Om die etiese wesensaard van die Hebreeuse literatuur nog bietjie te illustreer, siteer ek Maleági:

*Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteldes en almal wat goddeloosheid doen, 'n stoppel wees . . .*

Hoewel Homeros sy eposse gedig het voordat die Griekse filosofie tegnies ontwikkel was, is 'n welgevormde Griekse gedagte daarin vergestalt. Dit verklaar die gedrag van figure soos Ulysses en sy vrou. Homeros se heroïese beskouing was egter ánders as die noodlotsgedagte van Sofokles se treurspele, wat toon dat 'n volk sy beskouing kan en mag wysig; want beskouing is 'n lewende, van uur tot uur groeiende geestesaktiwiteit en geen dooie oorlewering nie. Beskouing is 'n daad, aksie, arbeid, nie 'n reël nie.

So was ander literature deur die stoïsisme, hedonisme, idealisme, materialisme, naturalisme, positivisme, puritanisme, nihilisme, holisme e.a. gerigsnoer.

Daar bestaan geen letterkunde sonder 'n wêreldbeskoulike grondslag of lewensbeskoulike ruggraat nie.

Onlangs het die Sestigers met fragmente van 'n Franse filosofie 'n klein beroering in ons letterkunde veroorsaak. So iets kon tien jaar gelede voorspel gewees het; want as 'n volk sy plig teenoor homself versuim deur nie sy eie denke te ontplooi nie, waar moet sy skrywers 'n fondament kry om op te bou, 'n rigting kry om te volg, 'n doel kry om ná te streef en 'n taak kry om uit te voer?

Vergun my dan om weer eens bietjie orde in die chaos van ons filosooflose kultuur te skep. Dit behoort nou vir elkeen duidelik te wees dat ons nie langer die dringende behoefte aan 'n Afrikaanse wêreld- en lewensbeskouing strafloos kan ignoreer nie. Ons sal daarin moet voorsien, of elke dekade 'n nuwe uitheemse filosofie gaan leen. Party van hulle sal in Parys al uit die mode wees wanneer hulle in óns taal beland.

Ons letterkunde was in een geval, Totius, deur die Calvinisme geïnspireer, terwyl ander Afrikaanse skrywers deur 'n eie, hoewel vae, Afrikaanse gedagte besiel was. Dit was die nasionale, meesal nasionalistiese gedagte, wat die Voortrek, die Vryheidsoorloë, die Dorslandtrek, die Taalstryd, die Reddingsdaadbond en die Apartheidsbeleid gemotiveer het en op hierdie oomblik die Landbouekonomiese Volkstryd teen die ontblanking en verswarting van ons platteland begin motiveer.

Omdat ons literatore onder die misverstand verkeer het dat die Calvinisme ons volk se eerste en laaste beskouing sou wees, is daar niks gedoen om 'n eie Afrikaanse filosofie te sistematiseer en doelbewus te propageer nie. C. M. v. d. Heever, G. D. Scholtz, W. A. de Klerk en skrywer self is die enigste vier Afrikaners wat hulleself rekenskap daarvan probeer gee het. Van den Heever, indirek, baie suksesvol in sy biografie van Genl. Hertzog.

Die misverstand i.v.m. die Calvinisme het ek tien jaar gelede (Sept. 1954) met 'n artikel in *Tydskrif vir Letterkunde* weerlê. Niemand maak sedertdien meer die fout nie, wat bewys dat 'n artikel wat in hierdie klein tydskriffie verskyn die hele nasie kan beïnvloed. Mag hierdie een weer eens die volksiel bereik!

Die waarskuwing wat duisend keer aan Israel gerig was, dat dit sal ondergaan as dit nie aan sy opvatting getrou bly nie, word al dringender aan die Afrikanerdom gerig; maar, anders as Israel, weet ons volk nog nie wát sy eie beskouing is nie—presies soos dit 'n eeu gelede nie geweet het wat sy taal is nie.

Laat ons dan van ons volk se geskiedenis aflei wat ons nasie se gesonde, lewegewende beskouinge in die verlede was, en wat onsterflik daarvan oorgebly het. Ons moet in die verlede soek wat goed daarin was en die toekoms daarop bou.

W. A. de Klerk word jare al deur die geskiedenis van die Dorslandtrek vasgesuig. Wat hom daarin opval is die mense se durf en moed—der Mut zu sein—wat hulle op hulle lewens-

pad, 'n trekpad waarvan die mylpale die grafte van hulle dierbares is, laat koershou; teen mislukking, teleurstelling en die dood in laat volhard in die wil om te leef, goed te leef, en in 'n hoër sin te slaag en geluk te vind. Vind omdat hulle vry en sedelik leef.

'n Soortgelyke lewensmoed kenmerk ook die Voortrek, die Vryheidsoorloë en ander groot gebeure. Dieselfde durf en moraal besiel vandag dr. Verwoerd om soos 'n granietrots te staan, teen 'n wêreld wat ons bestaansreg ontken. Dit besiel vandag duisende boere om soos slawe winsloos te swoeg, terwyl hulle aan hulle grond—die heilige erwe van hulle vadere—vasklou. Dit besiel my om vir die voortbestaan van die blanke ras op die platteland teen my eie, geliefde, medenasionaliste te veg, soos Langenhoven teen sy mede-Afrikaners vir ons almal se moedertaal moes stry.

In hierdie sedelike moed, liefde en diens, lê die oergeheim van die Afrikaanse wêreld- en lewensbeskouing. Dit word eeuelank al met ons hele volk se sweet en smart, goed en bloed beseël. Hierdie lewenswil wat teen oormagte en onoorkomlike struikelblokke 'n byna bomenslike weerbaarheid uitmeet, is die kern van die Afrikaanse volksiel self.

Die vleesgeworde verpersoonliking daarvan was volmaaktelik beliggaam in die sedelik-onberispelike lewenstaak van genl. Hertzog. Paslik verewig ons hoogste literêre prys sy naam; en dit maak die prys, anders as alle ander pryse heilig.

*Die ontdekking van hierdie grondbeginsel is 'n ongeëwenaarde deurbraak in ons letterkunde.*

Hierdie ontdekking het nie maklik geskied nie. Dis nou vyftien jaar dat skrywer onophoudelik dag en nag navorsingswerk daaroor doen; daaroor peins in die krale, op die lande, oral waar plaaswerk gedoen word, elke oomblik waarin gelees of na 'n preek of 'n toespraak geluister word.

Dis so eenvoudig en lê so oop en bloot dat iemand mag vra waarom dit vyftien jaar i.p.v. vyftien minute geneem het. Wel, die Britse geleerde Whitehead het gesê: *It takes a genius to discover the obvious*, maar mý ondervinding was dat dit onder berge vooroordele, wanbegrippe, bygelowe, oorgelewerde dogmas en vals aksiomata bedek was, welke berge van my tyd, geld en selfs sadistiese vervolging geverg het om weg te werk, voordat die waarheid oop en bloot kon lê.

Aanvanklik is daar gesoek na Afrikaanse gedagtes, idees, gelowe, leerstukke, sisteme, teologieë, ideologieë. Omdat hulle nie bestaan nie, kon dit nie gevind word nie. Ek het toe maar eerlik geformuleer wat my private oortuigings *destyds* was; sodat daar minstens vasgestel kon word wat één Afrikaner dink. Die resultaat was nie bevredigend nie, want die oorspronklike vraag was wat die hele volk as waar of waarheid beskou, nie 'n enkeling wat boonop 'n vreemdeling in sy vaderland is nie.

Die geheim van die Afrikaanse wêreld- en lewensbeskouing lê egter nié in 'n idee, gedagte, sienswyse, stelsel, geloof, leer

of leerstuk nié, maar in 'n feit—die feit dat die nasie se grootste karaktertrek sy vermoë is om te ly en te stry vir sy voortbestaan. Hierby is inbegrepe sy wil om te leef; maar nie sómmer op slordige manier te leef nie, sterk sedelik te leef. Hierdie volksdaad-feit is oral en altyd in ons geskiedenis op wonderbaarlike en soms onbegryplike wyse verwesenlik. Dit is die geestelike aspek van die heroïese.

Konsentries om hierdie kern van lewenswil, sedelike moed, sweet en smart, kring die subjektiewe oortuiging (die geloofsvertroue) dat die Afrikanerdom met 'n heilige doel in S.A. geplant is; dat hy gevolglik die morele reg het om hier te woon en hom self daarkragtens wil, kan en sal handhaaf. Wyer om, in die volgende elektronbaan, wentel die besef dat 'n nasie wat 'n goddelike bestemming het, ordentlik moet wees.

Selfs as hierdie beskouing van sy psigologie (sy wensgedagtes) ontdoen word, bly die essensiële daarvan—die lewensmoed—onaangetas. Beperkte plaasruimte verhinder my om dit tot sy naakte wese enersyds en sy mitiese voorkoms andersyds te herlei. Dis egter 'n maklike proses wat elke leser vir hom self kan doen. As iemand 'n klip tot bo op 'n berg gedra het, kan enigeen dit anderkant afrol.

Met *ordentlik* of *sedelik* word natuurlik nie net seksbeheersing bedoel nie; want seks is maar 'n klein onderdeeltjie van die lewe as holistiese heelheid gesien. Dis eintlik 'n middel tot die doel van die lewe, waarmee soms liefde en soms teleurstelling gepaard gaan. Vir normale mense beteken sedelikheid 'n allesinsluitende volksetos, wat selfbeheersing, dissipline, reg en geregtigheid eis en dit ook handhaaf, al moet daarvoor opgeoffer word. Dit sluit selfsug en onridderlikheid uit, want nie die belange van die ék alleen nie, maar ook van die ánder moet in die samelewing, die volksverband, eerbiedig word.

En nou: die literêre toekomstaak van die volk wat die bogenoemde wêreld- en lewensbeskouing daadwerklik uitleef.

By die bewapening vir ons toekomstaak sal ons nasie die feit onder die oë moet sien dat die Westerse kultuur waarvan ons deel is, in 'n geestelike krisis verkeer. Die stoflike aspek van die krisis bekend as kapitulasie op militêre en ekonomiese gebiede in Afrika en Asië word dikwels bespreek; maar die geestelike oeroorsaak daarvan is belangrik vir óns doel.

Die Westerse mensdom het geloof verloor—hoofsaaklik omdat die godsdiens nie tred gehou het met die wetenskap nie, sodat daar 'n skynbaar onoorbrugbare kloof tussen geloof en wete ontstaan het. Hierdie kloof veroorsaak die gesplete, onsekere, wanhopige karakter van die hedendaagse Westerling. Sonder selfvertroue aarsel hy totdat hy persoonlike of nasionale selfmoord pleeg.

Met geloof word hier die sedelike durf en moed, hoop en liefde, vertroue en selfvertroue, inisiatief en geesdrif, heldhaftigheid en ridderlikheid bedoel wat nasies besiel om te wil

leef; om kulture en beskawings te skep. In die geskiedenis word hierdie geloof by heiden en Christen gevind; maar dit het tog saam met godsdiens gegaan: die hoë etiese sedelikheidstandaard van die Dorslandtrekkers langs die Calvinisme, die argitektuur en wiskunde van die More in Spanje langs die Mohammedanisme.

Twintig eeue lank was hierdie geloof en die Christelike godsdiens so vas aanmekaar gekoppel dat hulle eindelik met mekaar verwar is. Wanneer 'n nasie se godsdienssin dan met die eeue verflou, wil dit voorkom asof hy hoegenaamd geen geloof meer het nie. Daardeur verloor hy dan ook sy natuurlike vertroue en selfvertroue.

Dié grootste nadeel van die samesmelting van die natuurlike met die kerklike geloof was dat die nasies hulle sedelike ontwikkeling laat vertraag het. Die kerk moes nou vir alles sorg, en hulle kon op hulle louere rus. Die mensdom se morele ontwikkeling het toe by sy intellektuele ontwikkeling wat met die momentum van die wetenskap voortsnel, agtergebly.

Voor die Tweede Wêreldoorlog was die wetenskap nog baie deur gebrek aan fondse vir navorsing en toerusting gestrem. Sedert die V.S.A. egter met Rusland wedywer, en nadat toegepaste wetenskap die nasies ryk gemaak het, is geld op ongedroomde skaal beskikbaar en is nie net materialistiese waterstofbomme uitgevind nie, maar ook idealistiese ruimteskepe.

Die gaping tussen morele agterstand en verstandelike voorsprong is daardeur verdubbel.

Dit klink ongeloofbaar, want die mens se persoonlikheid behoort teoreties 'n harmoniese heelheid te vorm. Sy morele en intellektuele syn maak eintlik een eenheid uit. Maar die feit dat daar wel 'n gaping is, is onweerlegbaar en ons word gedwing om te erken dat daar iets radikaals met die mens verkeerd is. As ons aanvaar dat daar 'n groot skroef los is, begryp ons die Westerling se onnodige hensoppery; want dan is hy mos net 'n halwe, onklaar wese.

By ons volk is daar nie net 'n kloof tussen sedelike en verstandelike ontwikkeling nie, daar is 'n konflik: Die logiese verstand sê tog vir enige Afrikaner dat die Apartheidsbeleid met 'n verswartende platteland 'n klug is. Geen mens is so dom om nie die nasionale selfmoord van hierdie tragiese klug te kan sien nie, vandaar die konflik; maar selfsug is sterker as rede wanneer 'n nasie se lewensbeskouing agter is. Soos G. D. Scholtz herhaaldelik geskryf het, is ons sedert Van Riebeeck se dae al met dié selfsug besmet wat ons volksgraf kan word.

Vir tweeduisend jaar was die kerk ons enigste geestelike bolwerk. Slegs enkele denkers soos Kant en Mill het etiese stelsels geformuleer. Die mensdom kon nog nooit tyd en krag aan morele ontwikkeling bestee nie; dit was nog te besig om hom self met behulp van die tegnologie aan die ellende van armoede, siekte en slawerny te ontworstel.

Die kerk moes toe 'n dubbele taak vervul: dit moes sy eie werk doen en óók die natuurlike sedelikheidsfunksie van die oorspronklike heidense etos oorneem. Die oerkarakter van nasies en enkelinge het daardeur geatrofieer. Wat die blanke ras die meeste in S.A. bedreig, is nie die V.V.O., die Afrikastate of die wêreldliberalisme nie, maar juis hierdie geestelike atrofie binne-in ons kultuur self, en *dis hierdie selfde siekte wat die Afrikaanse romankuns laat bederf.*

Dis gevolglik ons prosaïste en denkers se eerste plig om die volksiel en daarmee die hele kultuur weer sedelik aktief te maak, om weer die natuurlike geloof te laat herleef. Hoe moeilik so 'n taak is, toon die geskiedenis.

Keiser Augustus het bv. Rome met wetgewing aan sy moeras van onsedelikheid, gemaksug, selfsug en wrede dierlikheid probeer ontruk. Hy moes toe sy eie dogter verban.

Onder koningin Victoria het Engeland bv. preuts geword. 'n Vrou se enkel of strottehoof mag nie gesien word nie; maar elke tiende huis in Londen se voor- en agterbuurtes was 'n klein bordeel. Omdat hulle begrip van sedelikheid tot kleredrag beperk was, was die res van die lewe die terrein van skynheiligheid, intrige, uitbuiting, onkunde, siekte en konsentrasiekampe waarin die koningin se regering duisende medevroue ter wille van goudsug en heerssug laat omkom het.

Intussen het denkers en digters die heelal tot 'n Groot Leemte herlei, waarin daar voor elke mens die swart afgrond van die Niets gaap, en waar daar geen sin behalwe selfmoord in die lewe meer is nie. Hierdie nihilisme was die teelaarde van die kommunisme.

En hier staan ons nou in die absurde leemte: geloofloos, koersloos, doelloos, sedeloos, hoop-loos, God-loos, allesloos.

Tensy ons 'n kragtige ideologie skep wat as alternatief kan dien, staan ons nasie weerloser teenoor die kommunisme (en teenoor alle uiterlike en innerlike rooi, geel en swart gevare) as 'n troepie onnosel kruistogkinders teen Mohammedaanse veterane. Minister Fouché se blanke leërmag kan niks daaraan doen nie.

Ons volk, ons ras, ons letterkunde staan geestelik ontredder, verdwaas, verdwaal, verwilder. Intussen is die nasie salig onbewus daarvan.

Hierin lê die toekomstaak van ons letterkunde: Om skeppende leiding te gee wat kan verhoed dat ons volk en daarmee saam ons taal ondergaan. Dis 'n uiters gewigtige, langdurige taak. Die suksesvolle voleinding sal nie sonder sweet en trane van elke Afrikaner geskied nie.

Teenoor die reusagtigheid van hierdie taak verdwerg ons vermaardste digter, ons geleerdste professor. Wie ook al régtig groot is, mag die broodnodige leiding gee, en die hele volk sal hom vir ewig dank en prys.

Wanneer gesuggereer word dat ons letterkunde die hele mensdom, waarvan ons deel is, eties moet ophef, dink ons aan

sedelikheid in die breedste sin, aan die uitwissing uit vrye wil van alle oortredings van juridiese en etiese wette. Onder laasgenoemde val o.m. huigelary, selfsug, gemaksug, geldsug, sadisme.

As ek uitgedaag word om 'n klip op die immoreelste daad van die twintigste eeu te gooi, sou dit op Jalta val, waar pres. Roosevelt en sir Winston die hele Oos-Europa aan Stalin oorgelewer het. Daar is niks wat die mens so laag laat daal as oorlog nie; daarom word eeuelank al om vrede op aarde gebid.

Sal die gebed ooit verhoor word? Ja. As twee mense, A. en B., soos twee osse in 'n wa gespan word; maar A. is siek en B. moet alleen die juk dra, sal B. uiteindelik teen A. se siekte beswaar maak en hom begin dokter, sodat hy kan gesond word om sy helfte van die werk te kan doen. Dis presies wat die hoogontwikkelde verstand met sy jukmaat, die agterlike moraliteit, sal doen. Dis ook wat die etiek met die estetiek sal doen. Binne in die heelheid van die lewe en die literatuur is die een net so afhanklik van die ander as die vrou van die man binne in die heelheid van die huisgesin. Sonder die twee se samewerking kan die lewe nie voortplant nie.

Soos die wetenskap hongersnood en pestilensies uitgewis het, kan die verstand immoraliteit uitroei. Die aangewese middel daartoe is die letterkunde behalwe natuurlik as ons op die regstelsel wil staatmaak. Dis nie net onmoontlik nie, maar vanweë die geestelike atrofie ook onwenslik om die hele verantwoordelikheid langer op die kerk se skouers af te skuif en gerieflik daar te vergeet. Buitendien is die mens in die kommunistiese wêrelddele, waar geen kerk meer geduld word nie, geheel en al vir sy etiese, estetiese en mistiese lewensvoering op hom self aangewys. En wie is die mens self? Hy is sy letterkunde.

Hoe die taak uitgevoer moet word, is 'n praktiese vraag. M.i. is die Afrikaanse kerke ons grootste bondgenoot in hierdie skeppingstaak. Daar is wel geestelikes wat glo dat die kerk niks met moraliteit te doen het nie; want dit verkondig 'n genade-evangelie wat die sonde nie uitwis nie maar vergewe. Tog, nieteenstaande hierdie logika, vervul die kerk die ekstra funksie al twintig eeue. Omdat dit saam met ons voor die swart graf van die nihilisme staan, is dit ons lotgenoot en dus ons bondgenoot.

Dis seker dat goedheid die hoop en begeerte van die mensdom is; want almal wil leef, en lewe kan sonder die goeie nie bestaan nie. Hierdie Goedheid is vir baie sinoniem met Godheid. Daarin lê die aanknopingspunt tussen wetenskap en godsdiens, tussen kerklike en natuurlike geloof. Op hierdie gemeenskaplike fondament kan daar saamgewerk word.

Om 'n denkbeeld te vorm van hoe kolossaal die taak is, dink daaraan hoeveel arbeid, toewyding, geld, kennis, opoffering, selfopoffering, vernuf, aanleg en bloed die verstandelike ont-

wikkeling in die afgelope vier duisend jaar geverg het. Ons morele ontwikkeling vereis niks minder nie.

Nodig is moed, vertroue, durf, geloof om te wil leef, en goed, edel, groots, intens, veilig te leef; om desnoods 'n bietjie van ons eiewysigheid, eiewaan, eiegeregtigheid en ander vorms van beterweterigheid en koppigheid so effens te beteuel.

Dis onmoontlik om aan die toekoms van 'n letterkunde te dink sonder om te veronderstel dat die volk in die toekoms nog sal floreer: ryk, vry, edel, plus stoflik en geestelik gesond sal wees nie.

Geen dooie ras het ooit kuns geskep nie.

Die Afrikaanse letterkunde behoort dus vir ons volk te wees wat die Bybel vir Israel was. Dit moet — hoe paradoksaal dit ook mag klink — die akker bewerk en bewaar waarop dit self gekweek word, en heerlike vrugte sal lewer.

Dat 'n kunsakker met so 'n heilige atmosfeer om in te asem, esteties bevrugtend kan wees, bewys talle meesterwerke in ander tale.

P. C. SCHOONEES:

## 'N SKAT IN DIE HART

Mense met eng geeste sien geen moeilikhede, maar ook geen moontlikhede nie. Hulle het 'n teorie of formule wat alle vraagstukke oplos, alle partye moet bevredig, ja wat die hele lewe omvat. As die mense maar net hulle plan wil volg, sal die ganse lewe op geoliede rolletjies loop. Alles is netjies in hokkies gebêre en georden. Hulle is doodtevrede met die kennis wat hulle verwerf het, maar die ruim en oop blik op die lewe, die fris ontvanklikheid wat die ware ontwikkelde kenmerk, ontbreek. Vir hierdie soort mens bestaan die skoonheid eenvoudig nie.

'n Ander soort mens wat ook onvatbaar is vir skoonheidsgenot is die nugtere droogstoppel wat alleen oog het vir die praktiese bruikbaarheid van dinge. Moenie hom 'n mooi blom wys of vir hom 'n treffende versreël aanhaal nie, want sy siel het in banknote en aandele verstik. Dag in en dag uit, jaar in en jaar uit leef hy voort sonder om ooit 'n skoonheidsontroering te ondergaan, sonder om die koninklike gawe van die verwondering te ken.

In elke kunstenaar leef daar, volgens Pascoli, nog 'n kindjie wat skepper is van nuttelose en doellose skoonheid. God openbaar die skoonheid van sy aarde alleen aan dié wat dit met die ontvanklike en onbedorwe blik van 'n kind kan bewonder. Net so nutteloos maar kosbaar as die lied van die digter is die musiek van die voëltjies, die geflonker van die sterre, die verbytrek van die wolk, die glimlag van 'n kindjie. Wie dit eenmaal ondervind het, het 'n skat in sy hart wat hom al sy lewensdae ryk sal maak.

D. M. GREEFF:

## NAMAKWALANDSE MADELIEFIES IN DIE STAD

Namakwaland se madeliefies
langs die sypaadjie
in Pretoria

Hierdie mense
spot
met julle wêreld en sy mense
Dit maak seer
as hulle soms
vir 'n oomblik
byna julle taal verstaan:
"Hoe mooi is hulle tog nie"
('Maar die neonligte blom dwarsdeur die jaar')

Namakwaland se madeliefies
in die stad
Julle wêreld
wyd, eenmaal groots?
is besig om te verdwyn
en sy mense

Nie dat hulle beter is nie
Hier en daar
'n vonkie van die goeie
verder
kleinlik net soos ons

Maar ek
treur nie oor die mense nie
mense is volop, veral vandag;
maar oor 'n wêreld
wat vergaan
verkoop word aan agente van 'Beskawing'

Stuk vir Stuk verkoop
lappies blomme in die stad
Namakwaland se madeliefies
in die stad!

## AS MA LAG

As Ma lag
kyk ek en boetie vir mekaar
"Pa!" sê hy
"Hoor vir Ma!"
"Boetie!" sê ek
"Kyk vir jou Ma!"

As Ma lag
word wolk en grond
en die blou lug deurmekaar
en al die bome staan op hulle kop
die huise
hang windskeef onderstebo
skoorsteen in die grond

As Ma lag
weerkaats dit
in 'n helder waterpoel
en ek en boetie
kyk vir mekaar!

## BOERNEEF

'n Ou Man
doer by die Kaapse Berg
wat weet:
Beskawing vreet ons op.
Al kom die wolkbreekwaters hoog
by Pramberg blêr nooit weer 'n moflam nie.

Ou Brabanner
moeg
weet:
Dit word te laat.

maar ná my dood
hoor ek nog
die hulpeloos
mooie palissanders

* * * * *

O Hartjie
wat wil jy hê?
*Hulle vertel van 'n land*
*anderkant die woestyne se sand*

Maar Hartjie
wat wou jy sê
dat Verlange daar sal kan praat
en Verdriet 'n gesig sal hê?

## DIGTER

Bedags
speel ek saam
as slaaf
van stad en eeu

maar snags
by die oase van die nag
neem ek my wraak
word ek 'n saboteur teen hierdie tyd

En tog
bly al my dinamiet
verniet
'n hopelose lied
wat op die wind
wegwaai in die nag
verby die wolkekrabbers
wat skud soos hulle lag.

## JOHANNESBURG

Die stad gil sy wanhoop
by my venster in:
my mense is arm
my mense het min.

Ag, liewe goue stad
waarom sal jy jou nou bekommer?
Die aarde draai om sy as
die lewe draai maar sommer.

* * * * *

Ou Oom Gert sê: Kind
Ek het oud geword en nie veel gevind
Solank jy jonk is
Glo gerus
Maar onthou, Kind
Moet nie verwag om te veel te vind.
Die Lewe is maar
net 'n gebaar

* * * * *

Hy is dood
die ou Afrikaner
koppig
bekrompe
onbeskaaf
baas

met sy geweer en sy klompie diere
het hy nie die duiwel of 'n Lord gevrees

verkeerd
eng
dogmaties gelowig

maar daar's g'n rede om te kla nie
hy's mos dood
ja hy's dood
God! hy is dood!
En die dooies staan nie in hierdie land weer op nie.

* * * * *

Dit was 'n windbuks eers
toe 'n klein
daarna 'n groot geweer
'n handgranaat
dit word 'n kanon
daar val 'n bom
En toe:
Die atoom
van die klein
ontploffende woord.

JOHAN LOHMANN:

## GEBORE VYANDE

Hy is gebore tussen Grootklip en Grootfontein, eintlik nader aan Grootfontein. Dis van belang, want was hy nader aan Grootklip gebore, was hy 'n Bantoeseun, en dan het sy lewe heeltemal anders verloop. As hy nie so naby aan Grootfontein gebore is nie, sou sy naam in alle waarskynlikheid nie Jampieter gewees het nie. Dan was sy storie ook anders.

Mens moet jou ouers versigtig kies, want jy kry net een keuse. Omdat hy goed gekies het, het hy 'n ma gehad wat hom Jampieter gedoop het, en om daardie rede het hy sommer met sy geboorte al so te sê 'n land vol vyande gehad.

As ons van sy vyande praat, bedoel ons nie Satang, die skrik van alle kinders, wat in die lang gras by die plaashek hou nie, en waarmee sy ma hom telkens dreig nie, só: "Kyk, Jampieter, by daardie plaashek word jy gevang. Daar bly jy weg, dis die plek van Satang. Het jy gehoor?"

Jampieter het gehoor. Wie kan nou help om sy moeder se snystem te hoor hier teen jou oor aan. Maar 'n man moet darem sy eie baas ook wees. Daarom swyg hy. Hy is nie verniet een van die baie Janne op die plaas nie. En al die Janne — dis sy vyande. Dit kom so:

Al Jampieter se ooms en tantes het maar hier op die plaas bly woon ná hulle troue. Hier is hulle kinders naderhand gebore. Behalwe net oom Jan — die eintlike Jan Pieter. Hy het vrygesel gebly, en hy is die oudste van al die Janne, en die oorsaak dat alle Janne wat hier gebore is, vyande is van mekaar. Omdat hy al oud is, glo niemand dat hy meer sal trou nie. As hy nie naby is nie, sê sy broers en susters: Hy is al oud en koud, dan lag hulle so skelmpies soos grootmense maar maak as hulle 'n ander ding sê. Omdat hy sy leefsdag sonder kind of kraai was, het hy 'n hoop geld bymekaar gemaak. Nou reken sy broers en susters só: "Vernoem een van jou seunskinders na Boet Jan; hy sal gewis eendag al sy peetkinders laat erf van sy goed." Dis dié dat daar so baie Janne op een plaas rond loop.

So was dit vooruit bepaal dat Jampiéter dié doopnaam sou ontvang. Dat sy naam só snaaks uitgespreek word, is 'n skelmstreek van sy ouers. Al die ander peetkinders is volledig gedoop: Jan Pieter, maar almal word net Jan genoem, net soos die vrygesel broer. Om meer aandag te trek op hulle eie kind, het sy ouers besluit om hom ook in die alledaagse omgang voluit te noem, tot die wrewel van elke ouerpaar met 'n verwagtende Jan op die werf.

Veral tant Ellie. Sý het die eerste begin om die aandag deur naamgewing te trek. Toe hulle al drie dogters het, en nog geen seun nie, en toe 'n vierde dogter vir hulle gebore word, dink hulle toe dat dit tyd geword het om Boet Jan te vernoem, anders erf hulle kinders nie by die peetoom nie. Dié vierde dogtertjie se naam is toe Jana Pieternella. En Jana is by elke moontlike geleentheid spesiaal opgedring aan Boet Jan, so asof dit sy bloedeie kind is. Hieroor het die ander broers en susters hulle bloedig vererg. "Sus Ellie is inhalig," sê hulle vir mekaar, "sy wil òns Janne se erfporsies inpalm."

Kort na Jana Pieternella verskyn het, is Jampieter gebore, en toe sy sý naam hoor, was sy boos. "Sommer pure witvoetsoekery," het sy haar oordeel gevel. En sy was nogal reg ook.

Van die begin af het sy nie van Jampieter gehou nie, en sy het dit ook nie weggesteek nie. Die ergste het dit geblyk nou die ander Sondagmiddag, toe al die broers en susters met hulle kinders by Boet Jan opgedaag het om sy verjaarsdag te vier.

Tant Ellie-hulle was ook daar met Jana. Die kinders was naderhand op die kweekgras voor die huis aan die speel. Jana het eenkant gesit. Langs haar lê 'n murgbeen in die gras wat rooimiere aanlok. Toe skielik gaan sy luidkeels aan die skreeu. Tant Ellie en die ander grootmense hoor die gedoente, borrel sommer by die huis se deure uit, en tant Ellie wil net daar en dan vir Jampieter onverhoord om sy ore klap. Gelukkig keer een van die ander susters vir Jana onderstebo en sien dat dit rooimiere is wat haar byt. Hulle het haar toe vol vet gesmeer. Jampieter wou ook vol belangstelling gaan kyk, maar tant Ellie snou hom toe: "Opsy, nuuskierige agie! Wat wil jy hier hê?"

Toe agterna, as Jampieter woelig is, vra sy moeder: "Jampieter, het jy rooimiere in jou dinges?"

Maar dit was darem oulik van die rooimiere. Fya, die plaashond, het ook saam gaan verjaarsdag vier. Jampieter het na die murgbeen gaan kyk. Hy kon byna geen been sien nie, so was dit toegekoek van die miere met hulle agterste styf in die lug. Fya het teen die wind in die reuk van die murgbeen gesnuif en nader gestaan. Sy steek haar swart snoet in die dik gras om die been by te kom, maar vlieg om, nies en proes en vryf haar neus in die gras. Tot groot vermaak van Jampieter. Toe hulle by die huis kom, vertel hy vir sy moeder: "Fya het ook rooimiere in haar dinges gehad", waarop sy moeder skerp reageer: "Jampieter, ek was jou mond met seepsoda uit, gehoor!"

"Hoekom, Moeder?" vra hy verwonderd.

"Om jy so vuilbekkig is," snou sy hom toe.

Sonder om te begryp, het hy toe maar opsy geloop.

Maar die groot vyandskap met Tant Ellie sou nog kom.

Op 'n goeie dag kom die berig dat by tant Ellie-hulle 'n nuwe baba gekom het, en, wonder bo wonder, dis 'n seun.

Jampieter se moeder het ook gaan kyk, en sy moes hom saamneem, want op die tuiswerf kon hy nie alleen bly nie.

Toe sit hulle daar in die kamer waar tant Ellie op die groot bulsak lê op die ysterkatel met sy gestyfde kantvalletjies om. Sy haal die baba agter haar rug uit om vir hulle te wys. Hy het so 'n verkrimpte gesiggie en sy oë is bot toe.

"Haai, Moeder, kyk sy oë is nog toe net soos Fya se kleintjies," kondig Jampieter aan.

"Ag, sies, jy!" vlieg tant Ellie hom in. „Japsnoet, hy slaap maar net. Kinders is nie klein hondjies nie, hulle oë is van die eerste dag af al oop. Maar dit kom daarvan as jy al ewig in grootmense se geselskap sit en hulle tande tel."

Jampieter se moeder gee toe sommer die kleintjie terug sonder om eers te sê hoe hy vir haar lyk. Sy was kwaad.

Almal kon toe sommer raai wat sy naam gaan wees: Jan Pieter! Nou het hulle gesin tog ook 'n "egte" peetkind vir Boet Jan, want Jana Pieternella was eintlik 'n dogter, en dogters erf nie gelyk op saam met seuns nie. Jana Pieternella is toe op die agtergrond gedruk en so effens vergeet.

Van hierdie nuwe Jan het die plaasmense nie gou vergeet nie. Daarvoor het tant Ellie gesorg. Sy het dadelik "haar" Jan aan Boet Jan begin opdring, en al die ander Janne het by die geringste geleentheid skerp deurgeloop onder die venyn van haar tong. Veral as Boet Jan aanwesig is. Hy moes deeglik onder die indruk kom dat al die ander kleingoed wat sy genante is, nie deug nie, en daarom eintlik nie behoort te erf nie. As daar die geringste aanleiding toe was, het sy háár Jan styf teen Boet Jan laat sit, so asof hy reeds die uitverkore erfgenaam is.

So het dit ook gebeur op daardie Sondagmiddag toe Jampieter se vader verjaar het. Van die verste hoek van die plaas af het die gesinne nader gekom, en by elke huis het die stoet groter geword. So kom 'n hele skare op Jampieter-hulle se werf aan. Tant Ellie het vroegtydig gesorg dat Boet Jan haar eie kind se hand so onder die loop vat asof dit sy enigste seun is. En toe almal in die voorhuis gaan sit om koffie en koek te geniet, het die nuwe Jan as vanselfsprekend styf langs sy oom aangeskuif asof hy uitsluitend 'n aangebore aanspraak het op dié bevoorregte plek, tot ergernis van elke tante met 'n Jan.

Onder die ontevredenes was Jampieter se ma. Sy is nie dom nie en merk wat gaande is. Maar dis haar huis en sy is die gasvrou. Mens vat nie jou gaste in die gesig nie. Sy maak egter 'n plan. Ongemerk lok sy vir Jampieter na die kombuis toe. "Kyk, Jampieter, Mamma gaan nou al die kinders kombuis toe roep om hier vir hulle koek te gee. Neem solank hierdie stuk vir jou en eet gou op. En net soos die nuwe Jan hier is, loop jy gou voorhuis toe en gaan sit langs jou oom. En jy laat jou deur niemand daar verdryf nie, gehoor! Dis jou oom ook en jy het net soveel reg as die ander."

Daar word toe so gemaak, en sonder dat iemand dit opmerk,

sit Jampieter ewe styf en manhaftig langs groot Jan — die oorsaak van al die kwaad. Alles gaan goed totdat die klompie koeketers terug keer uit die kombuis. Die nuwe Jan ook. Hy was nog maar 'n kleinerige oudjie. Toe hy by die sitplek kom wat hy beskou het as sy eie en vir Jampieter op die troon vind, steek hy verleë vas. Hier is 'n situasie wat hy nog nie leer hanteer het nie. Hy probeer dus maar sy beste wapen; hy gaan luidkeels aan die huil, boor sy vuisies in sy oogkaste en soek na tant Ellie.

Dadelik is daar 'n hele rep en roer in die voorhuis. Kruis en dwars word opmerkings geroep, tant Ellie die hardste van almal. Sy storm opgejaag nader, gryp Jampieter aan die arm en skud hom: "Jou klein bog, gee pad, dis my Jan se plek. Watter reg het jy om sy plek af te neem? En hy is nog kleiner as jy ook. Sies, jou bullebak!"

Toe die nuwe Jan sy regte so geesdriftig verdedig sien deur sy moeder, skep hy nuwe moed, en met 'n goeie mikskoot skop hy op Jampieter se skeen en die skree: "Eina!"

Tant Ellie maak gereed om hom 'n goeie oorveeg te gee, maar Jampieter se ma is nou ook by en keer die klap af. Sy en tant Ellie gluur mekaar vyandig aan.

Boet Jan merk op: "Mense, laat tog die kinders staan. Ouers wat hulle steur aan kinders se rusies, sit naderhand self in die rusies." Ewe oordeelkundig staan hy toe op, rek sy litte en merk teen Jampieter se vader op: "Broer, kom ons gaan rook 'n pypie in die boord. Dié gestilsit maak 'n mens styf."

Die mans vertrek almal na buite en die vrouens gesels oor die ongemaklike stilte heen. Namate die spanning verdwyn, gaan die kinders ook die een na die ander na buite toe.

Met die verloop van tyd na die nuwe Jan se geboorte, het tant Ellie se optrede 'n uitwerking gehad wat mens kon verwag. Die ander Janne se moeders het stilswyend 'n eenheid begin vorm teen tant Ellie en die nuwe Jan. Die ander moeders was doodtevrede dat Boet Jan se erfenis eweredig verdeel word onder al sy genante. By hulle was dus 'n soort gewapende wapenstilstand: geen rusie en onaangenaamdheid, mits elke Jan se gelykop aanspraak deur elke ander Jan se ouers erken word. Met tant Ellie was dit anders. Sy het die indruk gewek dat haar Jan, die nuwe Jan, die jongste van die Janne, alleen aanspraak het op Boet Jan se nalatenskap. Het sy dan nie haar eie Jana Pieternella se aanspraak stilswyend laat vaar nie?

Deur hierdie verdeling, wat tant Ellie nie self so gesoek het nie, was sy egter baie tevrede gestel, want daardeur het die hele gemeenskap die alleenreg van die nuwe Jan teenoor die ander Janne benadruk. Dit pas in tant Ellie se kraam. Dat sy daardeur die nuwe Jan se moontlike erfenis in sy geheel kon vernietig, het geen oomblik tot haar deurgedring nie, nog minder die moontlikheid dat die ander Janne gesamentlik dinge met die nuwe Jan kon aanvang waarvan sy glad nie sou hou nie.

Tot hierdie ontnugtering kom sy nog daardie selfde Sondagmiddag.

By Jampieter-hulle op die werf loop 'n uitgegroeide jong skaapram wat wees grootgemaak is in die plaaswoning en daarom die naam dra van Hanslam. Toe Hanslam se horinkies as twee blink knobbels tussen die wol op sy voorkop begin verskyn het, het hy die jeuk daarvan bestry deur speels sy kop te skuur teen alles binne bereik, en ook teen die plaaskinders. Die skuurdery het naderhand gegroei tot 'n stampery, wat aanvanklik vermaaklik en onskuldig was. Dit het egter nie baie lank geduur nie, of Hanslam was bedorwe. Hy het ontdek dat sy halfwas horings gedugte wapens was, en dat veral die kinders vir hom padgee. Al die buurtkinders het van Hanslam se voorliefde om kop te stamp geweet, en gesorg dat hulle uit sy pad bly as hulle op Jampieter se werf kom.

Met die gedoente oor die sitplekke in die voorhuis, het Hanslam egter vergete geraak. Toe die klomp seunskinders by die kombuisdeur uitstap, met die nuwe Jan op die agterpunt, storm Hanslam onverhoeds om die huishoek.

"Pasop, Hanslam," skeeu Jampieter. Elkeen soek veiligheid so vinnig as moontlik. In dié gedrang word die nuwe Jan viervoet-in-die-lug geloop. Geeneen van sy neefs steur hulle aan sy penarie nie en soek net veiligheid. Uit sy eie skuilhoek sien elkeen hoe die nuwe Jan opstaan. Toe hy nog gebukkend staan, met sy hande voor hom op die grond gedruk, storm Hanslam. Die nuwe Jan se sitvlak was 'n volmaakte mikpunt. Hanslam stamp 'n kolskoot op sy sitvlak en die arme slagoffer rol holderstebolder oor die gras en gaan van skrik, meer as iets anders, nogeens luidkeels aan die skreeu. Hanslam maak hom gereed om weer te storm. Nie een van die neefs probeer die ram deur geraas of wat ook al te verjaag nie. Deels is dit die gevolg van hulle verrassing, maar deels ook omdat hulle in Hanslam 'n onverwagte bondgenoot sien, en waarom sal hulle die nuwe Jan teen hulle bondgenoot beskerm!

Binne in die huis het die klomp vrouens en in die boord die mans die gedoente gehoor en nader gestorm. Tant Ellie is net betyds om te voorkom dat die nuwe Jan vir die derde keer omver gestamp word tot vermaak van sy gevoellose neefs.

"Ek sou my skaam as ek een van julle was!" slinger sy hulle woedend toe. "Ongemanierde spul goed!" Vir haar was die middag finaal bederf. Met haar Jan aan die hand, kop in die lug, en gevolg deur al die gesinslede, is hulle toe daar weg.

Vir Hanslam het dit 'n onaangename uitwerking gehad. Toe die skaaptrop dié aand in die kraal slaap, het Jampieter se vader vir Hanslam tussen die trop ingestoot en aan die skaapwagter opgedra: "Moreoggend jaag jy hom saam met die trop weiveld toe, en jy sorg dat hy in die veld by die trop bly. As hy sy voet op die werf sit, stof ek jou sitplek af." Dit was die einde van Hanslam se streke.

Die klomp Janne het groter geword, en as hulle moeders nie

by was nie, het hulle nogal redelik goed met mekaar saamgespeel en kwaad gedoen, sonder meer rusies as by enige ander groep seuns van hulle ouderdom. Maar die nuwe Jan was maar altyd half uitgestoot. Tant Ellie het nog altyd daarop gehamer dat hy Boet Jan se eintlike erfgenaam was, en dit het hom 'n houding laat inslaan teen sy neefs. As daar botsings was, was die nuwe Jan altyd die alleenstander, en so het hy gaandeweg die uitgepikte hoender geword. Maar hy was nie op sy mond geval nie, en daarin het hy na tant Ellie geaard.

Een middag, toe die groepie op pad van die skool af huis toe stap, loop hulle druk en gesels oor die eksamen wat pas afgeloop het. Net bokant die spruit merk Jampieter teenoor die nuwe Jan op: "En jy staan tog laaste in jou klas. Wê, jy kan nie eers eksamen skryf nie. Jy is tog dom."

"Is nie," verweer die nuwe Jan hom.

"Is!" word die beskuldiging nadruklik herhaal.

"Is nie! En al is dit ook so, wat daarvan. Ek het nie nodig om slim te wees en my half gevrek te leer nie. Ek gaan tog Oom Jan se geld erf, wê!" speel hy sy troefkaart.

"Is nie, wie sê so? Jy verbeel jou maar net!" weer die neefs dit af.

"Is, my ma sê so. Oom Jan het vir haar gesê. So wê!" en hy steek sy tong uit.

"Kom, kêrels, ons gooi hom in die water," stel Jampieter skielik voor. En voor die nuwe Jan hom kom kry, lê hy met klere en al in die vuil water in die spruit. Sy voete kry grond en hy sukkel aan wal toe, met die biesies en paddaslyk sulke toue om sy ore. Toe hy half op die wal is, word hy nogeens ingestamp, en die neefs skaterlag oor sy penarie.

"Wat is hier aan die gang?" vra 'n stem skielik agter die neefs.

Verskrik spring hulle om. Daar staan oom Jan in lewende lywe op die spruitwal, en hy is kwaad. "Wil julle hom nog versuip ook! Waarmee is julle besig? Kom aan, Jampieter, praat."

Met horte en stote het hulle die hele ding aan hom vertel, ook van die geld wat die nuwe Jan gaan erf. Met hom is oom Jan daar weg, en die ander neefs het stil-stil aanstalte gemaak elkeen na sy eie werf toe, gebuk onder 'n gevoel van bedreiging, want oom Jan was kwaad.

Die onheil het elkeen van hulle getref, nog voor sononder daardie aand. Oom Jan het op elke werf sy verskyning gemaak as 'n wrekende engel, sy relaas gedoen, en daarop aangedring dat elke Jan deur sy vader afgeransel word, in Oom Jan se aanwesigheid. Die ouers kon nie weier nie, uit vrees om aan Boet Jan aanstoot te gee. Daarna het hy met elke ouerpaar van 'n Jan ernstig gesels oor die verhouding tussen al die Janne op die plaas. En so het hy 'n duidelike en volledige beeld gekry van wat op die plaas ontwikkel het, alles omdat hy vrygesel gebly en daarom welvarender geword het as sy broers en

susters. Vir hom was die pynlikste ontdekking dat sy eie welvaart en afwesigheid van 'n natuurlike erfgenaam aanleiding was dat 'n klompie neefs na hom vernoem is, en daardeur vooruit bestem was, onafwendbaar, om vyande van mekaar te word, 'n vyandskap wat sterker sou wees as die bande van bloedgemeenskap. In pleks dat bloedverwantskap 'n gemeenskap van neefs en niggies sou laat ontstaan wat sterk staan in die lewe omdat hulle van ou bloed is, stuur dit op 'n ramp af. As dit erger moet word as die voorval by die spruit, kan dit so ernstig word dat een van die baie Janne vermink sal word of nog slegter.

Intussen het die spanning op die familieplaas effens verslap deurdat die aandag elders heen afgelei is. In die buurt van die skool het 'n nuwe gesin aangekom en intrek geneem in 'n leë opstal daar naby wat aan een van die boere behoort. 'n Weduwee en vyf kinders — drie seuns en twee dogters. Hulle kom iewers uit die laeveld vandaan waar die vader in die jagveld aan sy einde gekom het. Nou het die weduwee nader getrek aan haar eie mense om 'n heenkome te soek — deur naaiwerk of verpleging te doen. Die toekoms sou moes wys hoe sy staande kon bly.

Dié weduwee — Van Aarde is die van — is nog betreklik jonk, verwaarloos deur 'n harde voorposbestaan, maar nie onaansienlik nie, en met 'n natuurlike houding van selfstandigheid wat mens by al die burgers op die voorposte opval.

By Jampieter-hulle op die plaas het die susters en skoonsusters gou meegedoen aan wat die hele omgewing aan die doen was: druk gesels oor wat die weduwee moes doen om staande te bly. Tant Ellie het half skamper gesê: "Sy kan maar gerus weer trou. Dis die maklikste uitweg. Daar sit oom Rooi Koos reeds sonder vrou op Langverwag. Hy is nou wel oud, en kalf koud al, maar sy was tog al getroud." Die ander het daarvoor gelag.

"Of ou Langpiet met sy houtbeen van Kortdraai onder langs die rivier, wat lankal weer vrou soek", het nog 'n suster opgemerk.

Almal was dit daaroor eens: Sy sal maar verplig wees om 'n wewenaar te vat, met al sy gebreke en kinders en al, net om 'n dak oor die kop en 'n sorg vir haar kroos te kry.

Toe kom die groot Nagmaal in April. Die hele distrik se mense is op die dorp en die familieplaas se gesinne is ook almal daar.

Met die oggenddiens is die kerk stampvol, en geen plek vir 'n muis nie. Toe die predikant op die preekstoel verskyn, lees hy eers die gebruiklike kennisgewings af, en toe die name van die broeders en susters wat hulle huwelik in die kerk wil laat bevestig. Die heel eerste aankondiging is dié van "broeder Jan Pieter Barendse, jonkman van hierdie gemeente en Jacomina Wilhelmina Sofia van Aarde, gebore Pieterse, weduwee ook van hierdie gemeente."

'n Doodse stilte hang oor die gemeente, terwyl die prediker verder lees. Toe begin die mense ontstigtelik rondskuif en onder mekaar fluister dat daar eintlik 'n gedruis hoorbaar is. Die predikant kug in sy hand, bly 'n rukkie stil, terwyl sy oë vermanend oor die gemeente soek.

Toe kom daar besinning en stilte.

Ouboet Jan se broers en susters het nooit geraai dat hy doelbewus 'n oplossing gesoek het vir 'n toestand waarvoor hy nie verantwoordelik was nie maar wat net hy kon oplos. Maar hulle het wel geweet dat al die Janne hulle erfporsies kwyt is.

"Die arme Ellie," merk Jampieter se ma op, en daarby vergeet sy dat Jampieter ook daarby betrokke was. "Maar," so reken sy, "Ellie en haar Jan het die meeste verloor, want hulle het die meeste verwag." En tot 'n mate was sy reg.

Maar tant Ellie se Jan het nooit 'n vriend geword van al sy Jan-neefs nie.

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN:

## MINNARES

Jy is voortdurend by my. As ek slaap
is jy my blink ontwaking. Deur die dag
bly jy 'n droom, en waar my voete gaan
is jy 'n vrou wat om 'n straathoek wag
om by my in te haak. In die kantien
is jy die soet verdriet wat my omhels.
Die leë sitplek op die bus is jy
met wie ek diep en woordeloos gesels.
Jy straal my toe uit alle oë; jy blink
op my uit elke venster; elke deur
wat oopgaan gee geboorte aan jou naam.
Nou sien ek jou gewaad in elke kleur.
En saans is jy 'n loute en 'n skag
waarin my bitter wortel wroet en delf.
O soet alleenheid van my wintertyd,
ek kry jou daagliks liewer as myself.

## DIE SKEDEL MET SY SKAG

Eers was die lood 'n ligstraal deur my brein
en het my oë van binne blind gebrand.
Toe het die rooi poinsettias van pyn
in elke sel geblom. Die ander wand
het oopgesplinter soos 'n eierdop,
en deur die rooi en grou kaleidoskoop
het elke skadu tot 'n beeld ontpop
en elke dowwe raaisel is ontknoop,
want alles was gestalte en patroon
en elke bleke en verkeke kans
het uit 'n nis getree, en jonk en skoon
soos naakte maagde deur die puin gedans.
Die harsingspatsels teen die gordyn en dak,
die borrels bloed, die skedel met sy skag
is deur 'n horde brommers toegepak.
Eers daarna kon ek eenkant staan en lag.

## NET VOOR JY GAAN

Net voor jy gaan — daar's iets wat ek moet weet.
Miskien kan ek dit naslaan in 'n boek,
maar dalk sal jy die antwoord sterker weet:
wat het jy eintlik hier by my kom soek?
Deur watter wilde wind is jy gestuur
om teen my vas te waai, 'n ruk te kleef
net tot jy soos 'n ent begin te groei
en selfs ons vesels met mekaar verweef
begin te raak, dieselfde vranke sap
ons saam deursypel, tot 'n blonde blom
alreeds gestalte vind. Reeds bars die knop
en weldra sal sy vlam te voorskyn kom.

Net voor jy gaan — daar's iets wat ek wil vra:
moet ek alleen die blonde botsel dra?

## VOOR EK VERGEET

Voor ek vergeet, en voor dit donker word,
die slaap sy bleek kokon om my kom weef,
sy bloedlose kastrasiewerk begin
en ek nie meer die heerlikheid beleef
van elke dag se sterfte met sy vrees,
van elke opstand met sy vranke hoop,
die tretterende loopsheid van die gees,
voor ek vergeet — ek sal 'n sakdoek knoop
om te onthou — wil ek jou eendag sê,
al sal dit soos 'n sabel deur jou klief
en jy tot sterfte bloei, jy moet dit weet:
ek het jou bitter, bitter, bitter, bitter lief.

## MET KNEUKELS WAT BLOEI

Ek moker die mure
met kneukels wat bloei,
as eenling gebore,
as eenling geboei.

Ek strek deur die tralies
my hande, en skree
met die krag van my longe,
met die mag van my wee.

Soms swyg ek en luister
teen die muur met my oor
of ek nie dalk iemand
se sluimer verstoor.

Of iemand nie antwoord
en ook stamp teen die muur,
maar ek hoor net die stilte
se sagte geskuur.

Ek wil soos 'n druppel
terug na die vloed
en ek wil ook gesleur word
in die lewe se stoet.

Ek wil ook graag saampraat
en 'n antwoord ontvang,
of spuug teen my voorkop,
'n klap teen my wang.

Ag, was daar maar woorde
wat fel teen my brand,
al was daar 'n spyker
wat priem deur my hand.

Maar enkel die stilte
staar bleek in my blik.
Alom is die swye,
alom is die skrik:

is ek nie dalk dood nie
en lankal vergeet?
Het iemand al ooit
van my lewe geweet?

Lê ek in 'n akker
reeds eeue vergaan?
Bestaan ek, of het ek
ooit werklik bestaan?

Sou niemand dan luister,
al is dit met haat,
na dit wat ek fluister,
en skreeu en praat?

Ek kners op my tande,
as eenling geboei,
en wys hul my vuiste
met kneukels wat bloei.

## UITEINDELIK

Uiteindelik word alle dinge wit —
rebellierooi, die gloed van huid en haar,
die geel van klank en lig, verlangeblou,
die hartstogkleur van stengel en van blaar,
die lamp se krom en uitgevlamde pit —
uiteindelik word alle ding wit.

## GEDAGTENIS

En toe die oggend deur die ruite blom
van ons ou muwwe kamer, kyk ek om
en sien jou tussen spinnerakke lê
van jou minieme droom. Om lief te hê
is om die nag se kuile aan te raak
en modderpoppies na jou beeld te maak,
maar as die oggend deur die ruite spoel
sien mens niks anders as 'n potkleipoel.

Jou oë was toegepleister, en jou mond
was weinig meer as 'n versteende wond.
Die landskap van jou lyf was wintervaal,
verwaai deur dooie winde, met die kaal
van so 'n nagtelike feesterrein
met in my gees die nasmaak van asyn.
En orals was jou woorde rondgestrooi
soos uitgespeelde plate, minder mooi.

En buite in die sonlig moes ek lag
half vies, vir hierdie stasie in die nag.

## BELYDENIS

U ken die wilde,
bitter bloed.
U ken die angs
wat in my woed
en die gestalte-
lose droom,
want dit is u
wat deur my stroom.
U ken die siel
se paringskreet,
U ken die huid
se dodesweet,
U ken die on-
volkome uur,
U ken die hart
se vagevuur,

die stilte met
sy raserny,
die dier wat in
die grotte bly,
wat nanag deur
die ruigtes sluip
en by die troebel
kuile suip.

U ken die einde-
lose trek,
want ek is u
en u is ek.

## EK WAS 'N WOLK

Ek was 'n wolk,
verheerlik deur die weerlig,
'n stapelwolk,
verheerlik deur die son.
Ek het geleun
teen hoë, silwer pieke,
die duisternis alleen
was my plafon.
Jou glans het my deurspoel,
het my deurdraad,
jou asem het my
altyddeur gejaag
oor hierdie landskap
met sy strak gelaat,
jou koelte het
my wieke onderskraag,
want ek moes alles tot
'n glimlag plooi —
oor dal en berg,
oor laagland en plato —
tot alles sterk en helderder
en mooi
gestalte vind.
Toe het jy my verlaat
waar vreemde, wilde winde dans.
Nou hang
nog net my aswit rafels
oor die krans.

## VERSOEK

Jy wat so blink
deur al my woorde straal
dat almal
jou gestalte daarin sien —
sodat ek nou nog
in my preweltaal
ons frases soms verwar,
of dit nie skeel
met watter argumente jy
of ek ons samesyn
besing het nie —
soms gaan ek na ons altaar
en bely
die wanakkoorde van
ons simfonie,
maar maak dit saak?
Slegs met die wintermaan
dwaal soms jou bleek
gestalte deur die huis;
die kamer met
sy bitter liefdesgeur
staan leeg
en weggebêre in die kluis
lê al ons muwwe woorde,
geel gekleur.
Jy wat so blink
deur al my woorde straal —
sal jy tog jou
gestalte daaruit haal?

## SUNNYSIDE

Bondels blomme —
rooi en geel ontploffings
langs die straat,
'n skut wat skuil
in elke woonstelblok,
die bloedrooi van
'n barstende granaat.
Die taxi is
'n pantserwa waarin
ons naakte oë,
bevrees en effens skaam,
mekaar omhels
in dodeworsteling
teen alle angste,

maar die angs ry saam.
Ek dra jou sleutel
in my broek se sak.
Daar wag 'n duisend vrese
by die deur.
Jy sluit hul uit
en laat jou vaandel sak —
die kamer kry
'n bitter liefdesgeur.

## MINSTREEL

Hy't een koue aand
uit die mis verskyn.
Hy't 'n liedjie gesing
en stil verdwyn.

En niemand het ooit
sy naam geweet,
maar niemand kon ooit
sy lied vergeet.

Hy't skraal en gering
by die hek gestaan
en 'n lied gesing
van kom en gaan,

en die ewige kring
van blom en kwyn
en die sterweling
met sy soet ou pyn.

Hy't gesing van die liefde
se vreugdevuur
wat so hoog kan vlam,
maar so kort van duur.

En niemand het ooit
sy naam geweet,
maar niemand het ooit
sy lied vergeet.

## KITAAR

Soms ritsel jou mond
soos 'n rooi kitaar
wat veel van myself
aan myself verklaar,
jy wat die voordag
blonder speel
en 'n hemelskerf
oor die spreekbuis kweel.
Jy sing my ure
engelteer
en kan die dorste
dag besweer.
Maar as jy soms iets
oor ons liefde slaak,
dan pluk jou tong
'n wanklank raak.

## EK EN ALLES

Hy is die bakenlose eensaamheid
want ek en alles wat ooit was of kom
is yl gedagtes van sy skemer droom
en yl geluid wat opstaan en verstom.

Want alles is gestaltes in die mis
en rookpatrone oor 'n barre land.
Hy is die bakenlose eensaamheid
wat wandel langs 'n hawelose strand.

Hy het 'n tuin gemymer, jou en my —
'n naakte eenheid sonder smuk of skroom —,
'n ent met ons gewandel deur die mis,
toe het hy ons verwilder uit sy droom.

Hy is die bakenlose eensaamheid
van yl geluid wat opstaan en verstom
en yl gestaltes in 'n rookpatroon.
Ek dra hom daagliks in my liggaam om.

## ONBEKENDE

Ons wil die Onbekende soek
in elke woord, in elke boek,
die arenetwerk van 'n kaart,
verkenningstog en sterrevaart
of in die loute van 'n vrou.
In tempels met ons hand gebou
wil ons sy helder kennis veins.
Ons wil hom tot gestalte peins
in koue kloosters afgekamp.
Ons wil teen alle deure stamp
en soek hom in die fisika,
die kunste en die algebra.
Ons wil hom kerf uit hout en klip
maar laat die beitel telkens glip.

Tot hierdie blink begrip lumier:
hy's tyd- en afstandloos, maar hier.
Ons het hom al die tyd geweet,
maar met ons rooi geboortekreet
het ons hom in ons angs vergeet.

## HARLEKYN

Ek moet verkeer, beleefdheidshalwe praat
en vrolikhede kwansel as ek wens
dat ek maar in 'n ruigte met my haat
kan gaan ontbind, ineengesonke mens.
Want selfs die twyfel het my nou verlaat,
die tweeling — hoop en twyfel — en die Pyn,
die rooi simbool van lewe. Nou is daar
nog net die geel tablette en die wyn.
Want alles het getyeloos geword
en in die dom, futiele sirkelspel
van die heelal, wat sonder wenpaal is,
sit elkeen in sy sirkel vasgeknel
met oë en ore, en 'n neus en mond,
miskien 'n snor of baard, maar almal speel
met bont kostuums in hierdie saagselkring,
en wie het tog die maskers uitgedeel?
Die rolverdeling is soos volg: die aap,
die seremoniemeester en die gek,
die wilde katte en die akrobaat,
die ruiter en die reus is almal ek.
O Spelbestuurder, doof die ligte uit
en laat die plein weer stil word; dit is laat.
Laat hierdie tent tog tuimel, breek die kring,
en stuur my na die ruigtes met my haat.

"Hy was bakleierig van aard."
Tant Hester sê dit doodbedaard
asof dit haar geen jota skeel
dat Wikus met heelalle speel
as hy albasters klink en strooi
en tolle teen die sypad gooi.
"Die kind het darem nou bedaar;
ek sien hom by die kerkbasaar
en dikwels in die Sondagskool,
hoewel hy somtyds by die jool
ook draaie gooi. Maar ag, nou ja,
daar's minder rede om te kla
as toe hy bietjie jonger was
met klippe deur die vensterglas."

Maar Wikus jol
met elke tol
'n holte in
'n hartseer vol.

JAC. J. BRITS:

## LOS GEDAGTES OOR SKRYFKUNS

Beste Vriend,

Daar is seker 'n wesentlike verskil tussen 'n denker en 'n nie-denker. Ek verbeel my altyd dit kom aan op geestelike volwassenheid, wat mens nogal nie so dikwels aantref as wat jy sou verwag of hoop nie. Net so min as wat intelligensie die private eiendom van die intellektueles is (ek sou sinies wou wees en sê dat meeste intellektueles te veel verstand en te min gesonde verstand openbaar, maar dis 'n ander saak!), net so min is geestelike volwassenheid die kenmerk van een besondere groep mense. Eerder is die ironie van die lewe hier sigbaar, want dis dikwels die man sonder "status" wat die indruk van die denkende mens skep. Maar vir denke, en die kuns, moet mens 'n objektiwiteit ontwikkel wat jou buite die lewe laat staan. Daarom is dit myns insiens vals om te beweer dat 'n kunstenaar juis materieel gebrek moet ly om oor geldelike nood te kan skryf. Eintlik vertroebel dit net sy objektiwiteit. Dit net terloops.

Dis tog vreemd dat 'n eenvoudige stelling (noem dit 'n persoonlike belewenis en dus waarheid, as jy wil) so dikwels 'n magdom redenasies uitlok. Dis soos 'n klein vlammetjie wat 'n lont aansteek. En die ontploffing is dikwels nie die oorspronklike vlammetjie waardig nie — of andersom. Ek dink nou aan jou vurige reaksies op my onskuldige uitlatings.

Liewe vriend, ons staan teenoor mekaar soos lanings bome aan weerskante van 'n straat — ten spyte van ons verskille. Dit maak ons medegevangenes wat tog moet saamleef en dus mekaar moet verdra. Ons redenasies is die uitvlug wat ons soek uit ons eng bestaan. Daarmee vind ons mekaar — en die lig. Nie sekerheid nie, want dié is onbereikbaar!

Ek merk 'n soort koppigheid in jou gedagtes 'n geruime tyd al. En daarvoor dank ek jou. Ek sê ook dankie dat jy in jou letterkundige werk nie bewus eksperimenteer nie. Ek is opreg dankbaar dat jy nie sê: "ek eksperimenteer, daarom is my werk goed," nie. Ook nie: "ek eksperimenteer, daarom is ek oorspronklik," nie.

Want dít weet ek, jong vriend, ons eksperimenteer onbewus uit 'n behoefte aan waarheid. En wat is soeke anders as droom, daardie pynlike gewaarwording van God? En wat bring ons nader aan die volmaakte as die belewing van die droom? Dink hieroor na: elke kunswerk is eksperimenteel omdat dit 'n individuele uiting is. Om van "eksperimentele kuns" te praat, is

dieselfde as om van 'n "committed writer" te praat. Albei stellings is vanselfsprekend en daarom niksseggend.

Hoe dikwels wou ek al in 'n oomblik van ekstase aanhou praat totdat dit binne in my stil is! Jy ken die ondervinding. Maar so dikwels, my vriend, raak ons woorde verlore in ons ywer om indruk te maak. Daarom skryf ons ook oor God, asof ons Hom tussen die blaaie van 'n boek kan saamvat, en preek ons asof hy in mooi sinsnedes te vinde is.

Wie weet, Vriend, miskien is dit net in oomblikke van eensaamheid dat die gees wyd soek na die droom. Nie na vervulling nie, want 'n vervulde gees is 'n naakte gees.

Praat ek alweer van die eensaamheid? Eintlik probeer ek net sê dat een mens nie van 'n ander kan leer nie. Nog minder kan ek "lig opsteek" by jou. (Die gelykenis van die vyf verstandige en die vyf dwase maagde?) Ons troos lê seker in die aanvaarding, in die soeke na die Self.

In jou laaste brief maak jy die opmerking dat die denkerkritikus 'n seldsame juweel is. Jy skryf, onder andere: "ek praat van die meerderwaardige man, die man wat lees en kritiseer ter wille van die lewe."

Dis 'n ideaal wat alle skrywers najaag, Vriend, want kritiek is vir baie kritici helaas 'n voorbarige waardebepaling, 'n soort geestelike vandalisme wat alles afbreek ten einde 'n twyfelagtige reputasie op te bou. Die eerlike, onbevange, objektiewe kritikus, as hy bestaan in hierdie wêreld van vals waardes, is bewus of onbewus 'n soeker na die dieper waarheid in 'n kunswerk. Hy soek as't ware na die verborge boodskap, wat geen lering is nie, maar 'n kreet na hoër bewustheid. Só 'n pad lei noodwendig na 'n geestelike Golgota, en ons kritikus sal in sy omwandelinge en uitsprake menige kneusplek opdoen.

Terloops, as daar 'n rebellie in die letterkunde nodig is, dan is dit 'n opstand teen die konvensionele verskynsel dat gratis eksemplare aan elke bekende en onbekende doktor gestuur word. Die veronderstelling is glo dat die geleerde heer 'n mening sal uitspreek tot onderrig van die skrywer en die leserspubliek. Ek weet van gevalle waar die aantal gratis eksemplare die aantal verkooptes oorskry het! Logies is dit beslis nie; irriterend wel. Mens kry die onsalige indruk dat die geagte dames en here hulle boekrakke vul ten koste van die skrywer. Want resensies is so skaars soos hoendertande, en dié wat wel daar is, getuig van onkunde wat die onderhawige werk betref. Maar nou is ek seker onnodig skerp teenoor ons mede-kunsbroers. Mens kan nouliks verwag dat hulle die gratis eksemplaar moet terugstuur. Dis té onkonvensioneel!

Hier moet mens miskien *dít* sê: 'n kunswerk is nie goed omdat dit goed vergelyk met 'n ander kunswerk nie. Net so min is dit swak omdat dit swak vergelyk met 'n soortgelyke werk. Juis, sê jy? Vanselfsprekend is dit, ja, en tog is dit op hierdie gebied waar kritici hulleself magte toe-eien wat nie alleen bo hulle emosionele vermoëns is nie, maar hulle intellek ooreis.

Maar die lewe met sy ontsetting het een groot troos: dat die tyd alles in die regte perspektief sal stel.

Bo alles, my vriend, is dit juis in hierdie warboel waar die meerderwaardige man hom van sy minderwaardige broer onderskei. Hy koester geen wrok teen die beterweters en fanatieke "vernuwers" nie; hy ignoreer hulle omdat hulle wesentlik minderwaardig is. Diep in sy siel weet hy dat veronregting van en vooroordeel teen jou medemens 'n minderwaardige handeling is. So ook is hy bewus van die meerderwaardigheid van vergewing.

Onverdraagsaamheid van gedagte (ook onverdraagsaamheid word onder die dekmantel van beginselvastheid beoefen) is altyd te wyte aan engheid van gedagte. En hierdie engheid is nie tot die politiek beperk nie. Dis die vrug van die moderne eeu, waar "kennis" tot by die geringste onder die mensekinders uitgedra word, onder die vaandel "Kennis is mag!" Watter kennis? Slegs maar die gedagtes wat dwase kwytraak in 'n oomblik van emosionele hoogspanning, my vriend. Boeke word aan die massa gegee (en omdat die massa onopgevoed is, moet boeke voldoen aan hulle smaak), pamflette word by die miljoene gedruk om die massas gou en vinnig te bereik. Te vinnig kan dit nie gaan nie, want kennis is die sleutel tot sukses! (sic!) Dan roem ons op ons vérsiendheid en kwoteer statistieke om aan te toon hoe analfabetisme se graf al dieper gegrawe word!

Ek vra my dikwels af waarom 'n skrywer se gedagtes, al is hy ook hoe vaardig met die pen, altyd as oorspronklik aanvaar word. Wel het hy, deur sy roeping, 'n aangebore drang om sy gedagtes neer te pen, maar word hy werklik minder deur sy medemens beïnvloed as die man op straat? Wat hy skryf, is dit nie net maar 'n uiting van 'n persoonlike belewenis nie? En is sy persoonlike belewenis meer wesentlik as dié van 'n koerantleser?

Ek sê dit omdat dinge so maklik as wet aanvaar word en ewe maklik verwerp word as taboe. Mens sou hierdie soek na die wesentlike ook op ander gebiede wou toepas en vra: is daar werklik 'n verskil tussen 'n operasanger en 'n straatsanger? Is die operasanger se kuns meer "kunsvol" omdat hy meer waardering kry, meer geld verdien, meer in die kalklig is? Is hy daarom meer kunstenaar? Ek glo nie, goeie vriend. Kuns, ja, ook in sy nederigste vorm, bly 'n kreet na die Ewige.

Ek kom meer en meer tot die oortuiging dat oorspronklikheid 'n wesenstrek van enige kunswerk behoort te wees. Dit lê nie in die vorm of inhoud nie, dit lê in die individualiteit van die skrywer. Hoe suiwerder die individuele siening, hoe strakker die uiting, hoe skerper is die omlyning van die skrywerspersoonlikheid. En in hierdie "duidelikheid" lê die waarde van 'n kunswerk.

Maar as ek sê dat die aanwesigheid van 'n kunstenaar in sy werk van primêre belang is, moet ek dit nader omskryf. Hy is wel teenwoordig in die beeld wat sy werk oproep, maar tegelyk

afwesig. Noem hom maar die kunstenaar-fotograaf wat verskeie aspekte van 'n voorwerp belig en so sy eie posisie verraai, maar wat nooit sigbaar aanwesig in sy produk kan wees nie.

Die drama met sy fel beligting van karakter en situasie is die sekerste persoonlikheidsverraaier van die skrywer. Nêrens in die letterkunde staan die skrywer so naak voor sy gehoor en leser as juis hier nie. Die drama met sy intense belewenis, sy ononderbroke beweging, selfs in die mees statiese oomblikke, is 'n fotostatiese afdruk van die lewe self.

Ek hoor jou al protesteer oor die uitdrukking "fotostatiese afdruk". Dis juis wat die kuns *nié* is nie, verweer jy. Kuns is die herskepping van die gewone tot die buitengewone. Miskien sal jy my selfs wil herinner aan my eie woorde: Kuns is groeiende werklikheid. Maar hierdie omstrede punt moet ons liewer vir 'n later geleentheid laat.

Die vraag ontstaan dadelik of enige kritikus, hoe "simpatiek" ook al, tot so 'n indringing in staat is. Die antwoord is tweërlei. Dit hang af van wat jy as die wese van die kritiek beskou. As jy jou visier nie te hoog stel nie, en kritiek bloot as aanvulling van die skrywer se pogings beskou — soms tot ergernis maar hopelik meestal tot nadenke — dan sou jy oppervlakkig ja kon antwoord. Jy sou kon wys op sy vermoë om die skrywer se foute aan te toon, en vra: is dit nie 'n bewys dat hy die skrywer se bedoeling begryp nie? Hy weet wat die skrywer wou sê, maar om een of ander rede nie kon sê nie. So dwing hy die kunstenaar tot nadenke.

Dis ook moontlik om nee te antwoord. Die kritikus, sal jy miskien sê, wat voorgee dat hy die skrywer se werk ten volle verstaan, bedrieg homself. Sy funksie is nie om 'n spieël vir 'n bepaalde boek of skrywer te verskaf nie, maar alleenlik om strominge in hulle, syns insiens, juiste perspektief aan te toon. Sy taak is nie om vergelykings te tref tussen bestaande en nuwe skeppinge nie, ook nie om op relatiewe invloede te wys nie, maar om die skrywersgemeenskap in verhouding tot hulle tyd te sien.

Watter kritikus — die een wat die werk fynkam vir psigologiese verskynsels, of die man wat die letterkunde in breër perspektief poog te sien — die meerdere is, wil ek nie sê nie. Net dit: dis maklik om 'n mening oor 'n boek of skrywer te waag; selfs 'n onintelligente leser kan dit doen, maar dit vra buitengewone insig om 'n kunswerk as 'n skakel te sien in die nimmereindigende ketting van die lewe.

Verdienste is, ten spyte van die pogings van kritici om die kuns in grade te meet, 'n volmaaktheid wat verhewe is bo die menslike. Wat is die gejaag na menslike verdienste meer as 'n gesoek na status, my vriend? En was status ooit meer as uiterlike skyn en daarom vals? Miskien klink dit kras, miskien kan jy my selfs van eensydigheid beskuldig (wat ek, sover dit die kuns aangaan, nie sonder meer afkeur nie!), maar status ver-

onderstel tog guns van die gemeenskap, en dus afhanklikheid van gees.

Ek herinner my die poging van 'n jong digter, jare gelede, wat so begin het:

"Ek dra die skuld van jou verwelking en jou lye,
in die skadu's van die onderwêreld,
O Lelie van my dal.
Ek voel die brandpyn van jou eensaamheid,
want ek het jou verkwansel aan die swart genade
vir my hoogmoed en my trots . . .

Is daar enige "verdienste" in so 'n rou uiting van persoonlike skuldgevoel? Ek wil nie 'n mening waag nie. Maar om my gevoel te verstaan, moet jy my interpretasie van die woorde "verdienste" nie verwar met die begrip "letterkundige betekenis" nie. Om letterkundige betekenis te hê, moet 'n werk skynbaar waagsaam wees, nuwe terreine betree en nuwe weë bewandel. Mens kan verder gaan sonder om te oordryf. Die titel van die boek moet liefs bombasties en daarom niksseggend wees; dit verhoog blykbaar die waarde van die inhoud — titels wat nie direk tot die leser spreek nie, maar deur verskillende professore op verskillende maniere verduidelik word. Dink maar aan die alliterasie-titels, die Spaanse, Franse en Italiaanse titels vir Afrikaanse boeke — asof Afrikaans nie pittig genoeg is nie! Daardie verspotte gesegde: die klere maak die man, word mutatis mutandis op die letterkunde toegepas: die titel maak die boek!

Kan ons verder gaan sonder om op meer tone te trap? Hoeveel tesisse word jaarliks deur voornemende doktore geskryf — bestaande negentig persent uit aanhalings uit ander werke? Mens voel lus om saam met die Engelse uit te roep: "Who are they trying to fool!"

Dat ook (en veral!) ons mees intellektuele skrywers (juis om hulle intellek?) hulle aan hierdie hoogdrawendheid skuldig maak, sal jy seker nie ontken nie.

Jy, my vriend, is bekend met hierdie verskynsel. Dis deel van die menslike neiging om almal en alles in groepe in te deel. Skrywers word beoordeel volgens die styl waarin hulle skryf — tot uitsluiting van ander skrywers wat nie hulle sienswyses deel of bewus eksperimenteer nie. Ek dink dit was Tennessee Williams, daardie geniale Amerikaanse dramaturg, wat lidmaatskap van 'n "writers' guild" geweier is omdat sy werk nie genoeg "social content and protest" bevat het nie. Wie van hierdie guild-skrywers en Williams vandag die voortreflikste kunstenaar is, is nie moeilik om vas te stel nie.

Om terug te kom tot hierdie "groep-poging": Dit gaan altyd gepaard met bombastiese gesoek na waardes en betekenisse in die boek, wat nòg die skrywer, nòg die leser kan raaksien. Want betekenis, uitgelê in futlose taal, *moet* die werk van hierdie rebelle hê — asof alles in die lewe nie betekenis het nie! So bewys hierdie soort literator alleen maar sy of haar

onvermoë (ja, hare ook, want in hierdie eeu van emansipasie moet sy ook haar sê sê!) om eerlik en nugter te dink, en word hulle menings alleen maar afdrukke van die letterkundige mode van hulle tyd.

Ons in Suid-Afrika is nie gevrywaar nie. Eerder lyk dit of sommige mense se idealisme om ons letterkunde "universeel" te maak, hulle kinderagtig ongeduldig maak met die konserwatiewe. Maar niks groei uit niks, my vriend. Die geestelike bodem van baie van ons skrywers is nie in staat om iets wesentliks te hou nie.

Daarom dank ek jou, my vriend, oor die eenvoud wat jou werk kenmerk. Daarom merk ek met 'n innerlike genoegdoening en dankbaarheid dat jy skryf sonder om bewus aandag te trek. Daarom verskaf dit my vreugde om 'n onrus in jou werk te merk — nie ter wille van jou eie vermoëns nie, maar ter wille van hulle wat saam arbei, op dieselfde akker, maar minder eg.

Ons lewe in 'n tyd van sieklike verskynsels, van politieke wensdinkery en staatkundige haarklowery. Dis moeilik om 'n tydperk in die geskiedenis van die mens te bedink waar op alle terreine so 'n totale gebrek aan adel bestaan het. Die mens gaan mank aan eie-belang; die kultus van die persoonlikheid waar 'n ieder en 'n elk aanspraak op universele aandag maak, word sonder stryd aanvaar as deel van die menslike; kritici soek na nuwe betekenisse in die kuns, bedink nuwe dogmas om die kuns te beskryf — en bly buite die poort staan.

Die skrywer wat die tragiese in hierdie situasie kan sien en verbeeld, is miskien die man wat eendag saam met die grotes genoem sal word. Sy passie vir die mens laat hom dit alles toeskryf aan die ewige soeke waartoe die mens gedoem is. Juis om die mens se blindheid, want as ek en jy kon sien, sou ons besef: alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs . . .

Lei dit tot frustrasie? Nee, my vriend, eerder is dit simbolies van die ingebore aanvaarding wat die wese van die mens is. Onwetendheid is dit, ja, soos dié van 'n ongebore kind. In Christus se uitspraak: julle moet weergebore word, lê die kern opgesluit. Want geboorte is veel meer as ontsnapping uit 'n eng bestaan; dis aanvaarding, dis onophoudelike groei tot verwesentlik-ing.

Ek sien die mens dan as weeskind wat uit sy onwetendheid die illusie van die wetendheid betree, in angs soek na die hoëre kennis, en eindelik terugkeer na die staat wat vir sy beperkte verstand onwetendheid was, om dáár die alwetendheid te vind. Die dood met sy terugkeer na die individualiteit, wat is dit meer as 'n tweede geboorte? Julle moet weergebore word . . . weer en weer en weer. Julle moet sterf om die lewe te vind!

Jy, my vriend, met jou afsku vir alles wat vals en hoogdrawend is, jou opregte passie vir die gebrokendheid van die lewe, jy met jou stil, onbaatsugtige hunkering na vorm in die chaos, jy gee my hoop dat die ware adel wel te vinde is — afgesonderd en selde, maar ewig en dwingend.

Maar miskien is jou stil ywer te danke aan jou suiwer liefde vir die letterkunde. Of nee, allereers jou liefde vir die lewe.

Terwyl ek hierdie laaste paragraaf geskryf het, het dit my met 'n vreemde gewaarwording opgeval hoe dikwels ek die liefde aan die Lewe verbind het. Ja, goeie vriend, die liefde is die hoogste adel waartoe die mens in staat is. Maar lê die geestelike adel nie eerder op die pad van die pyn as op die pad van die vreugde nie? Daar is geen liefde sonder pyn nie. Dis die wegbreek van die Self na die Self, 'n gebondenheid en 'n eensaamheid tegelyk.

Omdat ek weet jy hou van kort, kragtige uitinge, wil ek die volgende gedagtes vir jou in die middel lê:

Jou grense is afgebaken, maar jou moontlikhede onbeperk.

Jou individualiteit is volkome, maar jou afhanklikheid primêr.

Jou aard is konstant, maar jou siel wisselend.

Ek weet dit klink selfvergenoegsaam om sulke stellings sonder meer te maak, asof die lewe enkelvoudig is. Buitendien skep sulke skerpsinnige aforismes by my die indruk van oppervlakkige denke, die "blink" gedagte wat sonder inspanning die lig gesien het.

Die denke vereis wel inspanning, jong vriend. Dit word van die kuns onderskei deur 'n onverbiddelikheid, sonder kompromis. Die kuns, nie minder streng in sy eie sfeer nie, is die ineenvloeiing van die denke en die emosie. Dis informeel en aktueel, en daarom gryp dit diep in die siel van die "gewone" sterfling.

Maar die denke is meer as dit. Dis die uitstyg van die gedagtes op die vleuels van die goddelike in die mens. Dis die finale bewys van die siel se aanwesigheid. Alleen in sy denke is die mens heerser oor die natuur; hy staan apart as unieke skepsel.

Mens kan redeneer dat die instink by die dier aanvanklik hoër ontwikkel is as die denke by 'n pasgebore kind. Die denke het egter die vermoë tot groei, tot rypwording. Waar die instink staties is, daar is die denke dinamies.

Lyk dit of ek die denke aan die godheid verbind? Ek dink nie dis moontlik om die denke los van God te sien nie, my vriend. Selfs die ateïs met sy godloëning is gebonde aan God. Ek sou hom 'n ongelowige mistikus wou noem. Hy sien God maar net met 'n ander oog en sy blik vertoef op 'n ander sfeer.

Tog, die man wat sê: ek glo met my verstand; ek het oor die wese van God geredeneer en Hom as werklikheid aanvaar, so 'n man, sê ek, weerspreek homself. Denke en geloof staan lynreg teenoor mekaar. Maar sy kontak met God is nie minder wesentlik nie. Denke is soeke, en soeke is stryd; aanvaarding ken dit nie. Daarom is God vir die denker 'n onrustige hunkering en sien hy Hom op die rand van die waansin.

My vriend, die kunstenaar se plig is tweërlei. Eers teenoor God en dan teenoor homself. Dis al. As jy hierdie twee verstaan en nakom, sal jy weet wat jou plig teenoor jou medemens is. Want in die verhouding God-mens is daar net twee dimensies: die Goddelike en die persoonlik-menslike. En die een vloei

in die ander soos twee strome water; aanvullend dus, maar die een is van die ander nie te onderskei nie.

In 'n sekere sin is alle kuns onverstaanbaar. Watter vreemde passie is dit wat die kunstenaar dwing om te skep? Hoe sou mens die ontstaan van 'n kunswerk verklaar? Watter psigologiese magte is verantwoordelik vir die vorm wat dit aanneem? Hoe dit ook al is, miskien moet ons nie sê: "ek het dit of dat geskep nie", maar eerder: "deur my arbeid is die lewe in staat gestel om dit voort te bring; ek is nie die skepper nie, ek is net die werktuig."

Maar so 'n selfverloëning is alleen moontlik as jy uit die pyn deur die suiwer liefde na God reik. As jy pyn ondervind, sien jy reeds die aangesig van God, en as jy die liefde dien, is jy reeds 'n pelgrim op reis na sy heilige land. Pyn . . . liefde . . . God. Dít, my vriend, is die drie trappe tot hoër bewustheid.

Is so iets moontlik? Miskien, deur die geloof, wie weet? Geloof met sy ewige verwagting is nie te versmaai nie; dit is soms die stille seën van die sekerheid, maar te dikwels die verrotte vrug van die vrees. Waar is die grens van die grenslose?

My vriend, ons troos lê in die betekenis van die skynbaar betekenislose. In die holle roem van sommige skrywers, in die leë uitsprake van baie kritici lê 'n eensaamheid weggesluit. En wat, my vriend, vra ek weer, wat is God anders as eensaamheid? Juis om ons ingebore eensaamheid is ons gemeenskapsmens. Want ons drang tot gemeenskap is wesentlik 'n vlug weg van God. Daarom ook is toevlug die terugkeer na individualiteit en ontvlugting die wegkeer van die Self — en daarom van God, want God is in jou. Dink na oor hierdie gedagte, jong vriend: ek is alleen, daarom is ek nie eensaam nie; ek hou gemeenskap met my medemens, daarom is ek eensaam.

Wat die weg na hoër bewustheid is? Die heilige het baie fasette, my vriend. Solank ons onthou dat ons diens alleen maar 'n afglansing van sy wese is, dat agter die dreuning van ons lofliedere die Heilige Self bestaan. En sy wese is onaantasbaar.

Ten slotte, weet dit: die wesentlike in die lewe bly ondefinieerbaar. Alles wat uit die suiwer arbeid voortvloei, is geldig, en daarom uit God.

Groete,
Jac.

CLARISSA JACOBI:

## WINTER

Mijn ziel is bevroren,
Ondoorzichtig grijs ijs,
Onder sneeuw verloren,
In een wit paradijs.

Ijskoud en doodstil,
Een bladerloos woud,
Verlaten kaal kil,
Dood krakend hout.

Niets beweegt of groeit,
Zelfs geen stille traan,
Warm-vochtig vloeit,
Voor het slapen gaan.
Mijn ziel is bevroren,
En voor eeuwig verloren.

## LENTE

Ik word beneveld door een vreemd verlangen,
Terwijl ik langzaam door de morgen loop,
Door koesterende warmte licht bevangen,
Omhelsd door zonneschijn en nieuwe hoop.

Ik word bedwelmd door zoele zoete geuren,
Door bloemen, vogels zingend in een boom,
De grond een bont tapijt van lentekleuren,
En vladderende vlinders uit een droom.

Ik word gegrepen door een wild begeren,
Een waterval, een roofvogel hoog in de lucht,
Ik strek mijn armen uit, ik wil weer leren
Hoe om te leven; liefhebben in vogelvlucht.
Het leven schenkt mij nog één keer genade,
En ik word deel van de veelstemmige aubade.

## BEVROREN RIVIER

Ik ben een bevroren rivier,
Langzaam tot stilstand gekomen,
Zoals een uitgeput dier,
Wit landschap zonder dromen.

Soms kraakt het ijs onverwacht,
Een kreun, een diepe zucht,
In de eindeloze winternacht,
De altijd grijs-grauwe lucht.

Ik heb het geloof in de zon verloren,
In de lente, de bloemenpracht,
De zomer, het golvende koren,
De liefde, de zomernacht. —
Ik ben een stroom bevroren tranen,
Die zich geen uitweg kan banen.

## REGEN

Ik sta in de regen en huil,
Heel zacht bijna zonder geluid,
Alles wat leeft houdt zich schuil,
Mijn eindeloos verdriet stort zich uit.

Mijn ogen zijn donkere bronnen,
Ik sta doodstil, zonder gebaren,
Door de stortregen overwonnen,
Water druipt uit mijn kletsnatte haren.

Druppels glijden langs mijn gezicht,
Mijn lichaam, mijn armen, mijn benen,
Aan mijn voeten ligt een gedicht,
Onleesbaar doorweekt op de stenen.
Ik sta in de regen en huil,
Mijn ziel een wit-zouten zuil.

## GOUDMIJN

Door schijnbaar eindeloos duister daal ik
Naar beneden; klamme angst ligt als een dik
Verstikkend verenbed op mijn gezicht;
Zeespiegel — voorbij flitsend vaag-blauw licht.

Dieper en dieper, tot in Dante's hel,
Vol donkere wilde duivels en monsters; fel
Snerpende, ratelende treinen — niemand lacht,
Achter verbeten lippen schuilt ivoren pracht.

Modderige doolhof, broeiend hete nachtmerrie
Van donderende boren, zweet, wind, herrie,
En nauwere, steeds nauwere gangen:
Tunnels, sarcophagen, uitgeholde slangen
Gereed voor verpletteren — ik slik benauwd,
Goud — kostbaar, bloederig, verdorven goud.

JOHAN BEKKER:

# DIE EERSTE AFRIKAANSE BEWEGING IN HOOFSAAK TAALBEWEGING?

*deur*
Johan Bekker

Professor A. P. Grové maak die stelling dat die Eerste Afrikaanse Taalbeweging "in hoofsaak 'n taalbeweging" was.[1] As gevolg van die benaming is 'n mens seker geneig om dit sonder meer as sodanig te beskou. Of dit werklik in hoofsaak 'n taalbeweging was, is 'n vraag wat ons aandag verdien.

1. *Die beweging vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling.*

Arnoldus Pannevis word algemeen beskou as die persoon wat die Eerste Beweging begin het met 'n pleidooi in 1872 vir 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel. Sy pleidooi en die latere strewe van C. P. Hoogenhout was egter gebaseer op suiwer godsdienstige gronde. Hulle het gemeen dat 'n Afrikaanse Bybel nodig was vir die godsdienstige bearbeiding van die Kleurlingbevolking.[2]

Dikwels skep die Genootskap van Regte Afrikaners die indruk dat dit eintlik net gegaan het om 'n Bybelvertaling.[3] Professor Nienaber noem byvoorbeeld dat Pannevis dit meer as enigiets anders begeer het[4] en as bewys van sy gebrek aan suiwer taalkundige entoesiasme vir Afrikaans dien sy brief aan die Bybelgenootskap waarin hy voorgee dat Engels mettertyd Afrikaans sal vervang.[5] "Pannevis het meer 'n Afrikaanse *Bybelvertalings*beweging . . . voorgestaan as 'n *taal*rigting".[6] Ook ds. S. J. du Toit het die klem hierop laat val. Hy verklaar dat die uitgangspunt en die einddoel van die hele beweging 'n Afrikaanse Bybelvertaling was. As voorsitter van die Genootskap van Regte Afrikaners was dit sy lewensideaal.[7]

Hierdie strewe was egter nie noodwendig 'n strewe vir die taal ter wille van die taal nie. Soms lyk dit asof daar net vir Afrikaans geywer is ten einde die ideaal van 'n Bybelvertaling te bereik. Omdat die Bybelvertaling aanvanklik as onprakties beskou is, besluit die Genootskap "om vereers Afrikaans tot skryftaal en leestaal te verhef, om die Afrikaners met hulle natuurlike en bruikbare spraak te versoen en so 'n behoefte te skep aan 'n Afrikaanse Bybel, want by die vergadering bly as die vernaamste doelstelling die oorsetting van die Bybel in die landstaal. Die aanvanklike werk van die Genootskap moet as voorbereiding dien vir die doelwit: beskawing van die volk, hoofsaaklik deur die Bybel in die volkstaal."[8]

Dit is belangrik om in verband met die Eerste Beweging

duidelik te onderskei tussen die *taalstryd* en die stryd om 'n Afrikaanse *Bybelvertaling*. Die laasgenoemde stryd beywer hom nie noodwendig vir die amptelike erkenning van Afrikaans nie, al sou dit noodwendig daartoe bydra. Die tweede Afrikaanse Taalbeweging was daarenteen inderdaad 'n taalbeweging. Dit begin nie soos die Eerste Beweging met die idee van 'n Bybelvertaling nie, omdat die vyandige houding van die Hollandse Kerke teenoor Afrikaans dan ook die Tweede Beweging kon laat misluk het.[9] Die Afrikaanse Bybelvertaling was een van die uitvloeisels van die Tweede Beweging.

Professor Grové se stelling dat die Eerste Beweging "in hoofsaak 'n taalbeweging" was, is hoogs aanvegbaar. In die een rigting was die Beweging te eng deur eintlik meer oor 'n Bybelvertaling begaan te wees as oor die Afrikaanse taal as sodanig. 'n Bybelvertaling sou by implikasie die Afrikaanse taal bevorder, maar die laasgenoemde was nie hulle eintlike doel nie.

2. *Die Volksbeweging*

In die ander rigting was die Eerste Beweging weer te wyd om bloot 'n taalbeweging genoem te word. Professor Nienaber stel dit duidelik dat die Genootskap " 'n veel breër propaganda gevoer het as 'n blote taalprogram. Dit word meer 'n volks-, 'n politieke beweging, veral na die eerste jaar, as 'n taalbeweging."[10] C. J. M. Nienaber verklaar: "Voor 1900 is die Afrikaanse letterkunde met bybedoelings beoefen. Dit moes meer dien as homself. Daar moes trouens volkstrots en taaltrots, leeslus en skryflus in Afrikaans opgewek word."[11] Hierdie politieke beweging kon Afrikaans by implikasie bevorder het (as ds. Du Toit se politiek nie later alles bederf het nie[12]), maar weer eens het Afrikaans as sodanig nie die voorrang gekry nie.

Professor Abel Coetzee wys daarop dat die Eerste Beweging op die onderlaag van die volk gerig was. Die lesers en skrywers van *Ons Klyntji* het hoofsaaklik uit hierdie laag gekom. "En dit verklaar die volkse aard van die poësie en prosa van *Ons Klyntji*. Wie dit nie wil insien nie, is nie by magte om die ware aard van die Eerste Afrikaanse Beweging aan te voel en te verklaar nie — 'n beweging uit die volk vir die volk."[13] Hy sê verder dat al ons literatore saamstem dat die skrywers van die verhale in *Ons Klyntji* hulle bepaal het tot "verhale wat leef in die mond van die volk," maar sodra hulle oorgaan tot die verdere bespreking van die Eerste Beweging, verloor hulle hierdie belangrike feit uit die oog "en die nadruk val op die poging om die *letterkundige waarde* te bepaal — iets wat haas heeltemal ontbreek, en G. R. von Wielligh pleit tevergeefs dat die volkskundige aard van die Eerste Beweging meer in ag geneem moet word."[14]

S. C. Hattingh en S. C. H. Rautenbach is dit blykbaar heeltemal eens met professor Coetzee en toon aan dat taal-

kundige sake 'n onderdeel van die volkskundige kan vorm.[15] "Selfs in die beste produkte van die Eerste Beweging word stofelemente en motiewe in so 'n vorm behandel dat dit aanpas en selfs inskakel by die geesteshouding van die volksmassas. Die stof as sodanig is niks anders as volkskundige materiaal wat in 'n effens ander vorm opgedis word nie."[16] Dit blyk dus dat die volkskundige hoofsaak en die taal waarin dit uitgedruk word, bysaak was. Dit was "maar alleen 'n spontane weergawe van gebeurtenisse en waarnemings in die lewe van die volksmens. Die hele agtergrond van die Eerste Beweging is *volkskundig* en by die beoordeling van die produkte moet alleen volkskundige waardes toegepas word."[17]

Die Eerste Beweging was dus, ondanks sy doelstelling in verband met die Bybel in Afrikaans (waarvan daar bloedweinig tereg gekom het), *in sy uitvoering* 'n beweging uit die volk, vir die volk, en moet dus beskou word as volkskundig eerder as letter- of taalkundig, hoewel die laasgenoemde nie ont- of misken word nie.

3. *Besluit*

Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging was enersyds te eng en andersyds te wyd om in die eerste plek as 'n taalbeweging beskou te word. Die benaming is dus in hierdie opsig misleidend. Daar is egter 'n ander opsig waarin dit van pas is. Met die Eerste Beweging vind ons vir die eerste keer 'n poging om die aandag te vestig op Afrikaans as kommunikasie- en uitdrukkingsmiddel. Op 'n sydelingse manier word die fondament gelê vir die eintlike taalstryd. Die Eerste Beweging bring feitlik geen kuns voort nie;[18] slegs die aanvoorwerk vir die latere Afrikaanse letterkunde word tydens die Eerste Beweging gedoen.[19]

Op die keper beskou, regverdig die Eerste Beweging as sodanig nie die benaming van taalbeweging nie. As ons dit egter in sy historiese perspektief plaas, vorm dit die noodsaaklike voorveronderstelling vir die latere taalbeweging. In sy sydelingse, onderliggende en onduidelike strominge, dit wil sê veral as potensialiteit, was dit inderdaad 'n taalbeweging.

---

1. Grové, A. P.: *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans.* Nasou, 1964, bl. 1.
2. Dekker, G.: *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis.* Nasou, 7de druk, 1963, bl. 12.
3. Nienaber, G. S. en P. J.: *Die geskiedenis van die Afrikaanse Beweging.* Van Schaik, 1941, bl. 108.
   *Die geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde.* Van Schaik, 1941, bl. 87.
4. Nienaber, G. S. en P. J.: *Afrikaanse Beweging,* bl. 70.
5. Nienaber, G. S. en P. J.: *Afrikaanse Beweging,* bl. 71.
6. Nienaber, G. S. en P. J: *Afrikaanse Beweging,* bl. 74.
7. Dekker, G.: *a.w.,* bl. 21, 29.
   Nienaber, G. S. en P. J.: *Afrikaanse Letterkunde,* bl. 148.
8. Nienaber, G. S. en P. J.: *Afrikaanse Beweging,* bl. 77.
9. Grové. A. P.: *a.w.,* bl. 1.
   Nienaber, G. S. en P. J.: *Afrikaanse Beweging,* bl. 109.

Schoonees, P. C.: *Die prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging.* De Bussy, 3de druk, 1939, bl. 5.

10. Nienaber, G. S. en P. J.: *Afrikaanse Beweging,* bl. 74.
11. Nienaber, C. J. M.: *Dit was ons erns.* Nasionale Boekhandel, 1962, bl. 34.
12. Nienaber, G. S. en P. J.: *Afrikaanse Beweging,* bl. 18.
13. Coetzee, A.: *Die verhaalskat van Ons Klyntji.* Voortrekkerpers, 1940, bl. 23.
14. Coetzee, A.: *a.w.,* bl. 39.
15. Hattingh, S. C. en Rautenbach, S. C. H.: *Volkskuns uit die Eerste Tydperk.* Voortrekkerpers, 1942, bl. X.
16. Hattingh, S. C. en Rautenbach, S. C. H.: *a.w.,* bl. XXIV.
17. Hattingh, S. C. en Rautenbach, S. C. H.: *a.w.,* bl. LI.
18. Dekker, G.: *a.w.,* bl. 24.
19. Nienaber, P. J. e.a.: *Mylpale in die geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde.* A.P.B., 2de uitgawe, bl. 105-106.

FREDA PLEKKER

## WINTER

Die bome die wêreld en ek bewend
baskaal bewend
in die gebreekte lig van sy
gebreekte oë

soog tevergeefs aan die aarde
se droë borste
o die uitgeputte lende wat
nie kan baar nie en haar
dae verwurg tot 'n vroeë sterwe

dorgespeekte wilgers op die straathoek
botsel nog geen tuïsie van die
ander koms nie
lewer nie eens meer blare of nie

sal ek
as goue skoenlappers weer oor
die horison vlieg
met sterker wapens gaar
as die swaard van die lelie
en onthou
om nie hoë bome
voor my hart te plant nie.

## FRANKENSTEINMONSTER

Ek beitel met 'n skerper intellek
uit die selstad
met sy swart riole wat na
die hart se heilige tempel vloei
'n nuwe breinkind
sinteties hartseervry
uit die onkreukbare stof
van logika

hy leef!
sy lippe roer
sy voete volg en sy hande
die onsigbare diktasie van
'n vreemde brein!
soet was die heuning
die gestroopte oorwinning
toe die dood die vrees verdwyn

hy loop! hy loop!
— oor die blombeddings oor die wêreld
oor die lewe oor die sterwe

God o God
hoe tem ek hierdie monster
wat buite die dood se grense swerf!

'n mossie duik 'n laatblaar
'n enkel kreet:
jy het sy siel vergeet.

Die tweeling van jou arms
eenders maar nie identies nie
het die gemaalde graan
se brood en water saamgeknie

langs die steenkoolstoof
op jou wang 'n roetsel swart
en die kluts van jou laggie
'n japannese papierblom
in die trane om my hart.

## DATA SONDER DATUM

Vier stoele fluister onder die eettafel
die blomkwepertak
ets japannees
sy natrekbeeld teen die muur
die skemer 'n hond
huis-in
vly hom
oor die skaafplekke
van oë en tapyt
ek tel
die verblankte bloeisels
se een-een-wit
tussen die ander
se hoopval rooskleurspel
en probeer tevergeefs
om kleur en geluk
se bleikdatum vas te stel.

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN:

## REBELLE

Die majoor se gesig is rooi. Hy stap soos 'n ontstoke kalkoenmannetjie op en af in die tent van die bevelvoerder, vergruis 'n sigaret met sy skoensool, raps die tentpaal met sy staffie en steek weer 'n sigaret op.

Daar is 'n beweging by die ingang en hy steek vas, begluur die jong man met rooi oë soos 'n bul. Die jong offisier salueer, klap sy hakke teenmekaar. Die majoor ignoreer die salutasie.

"U het my laat roep, Majoor?"

"Luitenant, ja. En dit is seker nie nodig om vir jou te sê waaroor nie. Daardie vervlakste rebellevlag is weer verlede nag aan die draadpaal opgehang. Sluit julle nie snags die krygsgevangenes op soos ek uitdruklik beveel het nie?"

Die luitenant huiwer effens. Verontagsaming van 'n bevel in hierdie leër is geen speletjies nie.

"Dit is 'n bietjie moeilik. U sien, om nou al die slotte in daardie ou kaserne te gaan vervang, sal baie werk en tyd kos. Hulle is almal stukkend. Dit is feitlik nie die moeite werd nie, want die hout van die deure is ook omtrent verrot. En dan — al hulle toiletgeriewe is buite, en om iets daaraan te probeer doen, is 'n onbegonne taak. Buitendien is daar dubbele doringdrade om die kamp gespan. Die binneste een kan hulle wel bereik, maar die buitenste so nooit as te nimmer. Hulle sal afgemaai word deur die masjiengewere van ons wagtorings. Buitendien is die buitenste draad geëlektrifiseer. Vir hulle om te ontsnap, is buite die kwessie."

"Ek praat nie van ontsnapping nie, man! Ek praat van daardie verduiwelde vlag! Ek praat van daardie skurk wat dit elke dag regkry om die vuil rebellevlag aan die hoekpaal van die draad vas te maak. Jy weet, die ander sien dit, en dit bevorder hulle moraal. Solank as daardie duiwelse lap oor hulle wapper, sal ons hulle nooit onderkry nie. Hulle patrollies trek hier verby en sien die ding, en dan skep hulle moed. Kan julle nie iets doen om die man te vang, of hom voor te lê nie?"

"Dit is ook 'n bietjie moeilik om ons elke nag op die bedrywighede van een man toe te spits, Majoor. Ons getalle is beperk en die kampterrein is groot. Ons het al wagte by al vier die hoekpale geplaas, maar dan hang die vlag die volgende oggend aan die nok van die gebou, of iewers. Daar is vier soekligte, maar selfs hulle kan nie deurentyd die hele terrein dek nie. Dit is onmoontlik om elke duim van die kamp elke oomblik van die nag dop te hou."

"Konfiskeer dan die vlag! Deursoek die kamp tot julle al die vlae kry. Magtie, iewers moet hulle dit tog wegsteek!"

"Ons het al 'n halfdosyn sulke vlae gekonfiskeer. Een het ons onder die vloerplanke gekry, die ander in 'n klerekas, nog 'n ander in een van die kospotte. Daar is elke keer 'n nuwe vlag. Hulle gebruik selfs hulle hemde daarvoor, lakens en handdoeke. Hulle verf die ontwerp met rooi klei daarop."

"Dan gaan hulle in die vervolg sonder lakens klaarkom, en sonder handdoeke en hemde, as dit daarop aankom. Het julle nog nooit daaraan gedink om te probeer vasstel wie se hemde en wie se lakens makeer nie?"

"Ons het, ja. Maar sodra ons begin ondersoek instel, lê alle hemde en alle handdoeke en lakens op 'n hoop gegooi."

"Goeie genugtig!" Die majoor steek nog 'n sigaret op, raps die tentpaal sodat die hele struktuur rittel. "Wel, iéts moet gedoen word. Hulle maak ons belaglik in die oë van die hele wêreld. Hulle spoor hulle mede-rebelle aan en hulle beïndruk die buiteland. Oorsese koerante — ek het vanmore nog een uit Europa gekry — maak banieropskrifte van die sogenaamde onbuigsame verset van hierdie klein kolonie. Hulle word daar anderkant as helde en martelaars beskou, selfs in ons eie land. Oorlogkorrespondente beskou die vlag blykbaar as 'n simbool van vryheid, van durf en uithouvermoë. Hulle neem foto's van die ding en publiseer dit oor die hele aardbol. Die ergste is dat ons hierdie nuusmanne nie kan kortvat nie, want ons voer mos 'n 'regverdige' en 'n 'heilige' oorlog, en ons het mos kastig niks om weg te steek nie. Ba!"

"Miskien ontstel u u te veel oor die vlag, Majoor. Miskien moet 'n mens hulle liewers ignoreer."

"Ignoreer? Dit help baie dat óns hulle ignoreer! Al wat leef en kleef, neem wel deeglik van hulle notisie. Die vlag moet weg — dit is al wat ek jou sê. As ons die man nie kan vang wat daarvoor verantwoordelik is nie, plaas ons die hele spul op skraal rantsoen tot hulle krepeer! Of tot hierdie onsin vir eens en altyd 'n einde kry."

"Drie manne is reeds dood as gevolg van skraal rantsoen, Majoor. Die res is feitlik net geraamtes. Vier onse brood en 'n beker koue koffie per dag kon hulle nog nie van hulle plan laat afsien nie."

"Dan moet die hele spul dood! Nie 'n gram brood meer nie. Hulle word uitgehonger tot hulle die man uitlewer, of tot die vlag nie meer verskyn nie, en klaar!"

"Mag ek u net daarop wys, Majoor, dat ons 'n 'regverdige' oorlog voer, en dat die internasionale oorlogswet dalk kan ingryp? Ons wil nie graag nog verder deur die res van die wêreld as onderdrukkers en wreedaards bestempel word nie. Dit was die Leier se uitdruklike bevel dat ons 'menslik' moet optree. Ons moet die vriendskap van die landsbevolking wen. Ons moet hulle die les van demokrasie kom leer. Miskien het ons reeds te ver gegaan. Dit is waarom hulle in die eerste plek

gerebelleer het. Ons kan beswaarlik die grimmigheid van die vaderland en die res van die wêreld verder aanblaas. Ek meen regtig ons moet die vlag-episode nie te ernstig opneem nie."

Die majoor gaan briesend voor sy ondergeskikte staan.

"Kyk, Luitenant, my uitdruklike bevel is om te sorg dat daardie vuil lap van 'n vlag nie weer gesien word nie, nooit weer nie, verstaan jy? Ek gee geen duit om hoe jy dit gaan regkry nie, maar jy sal sorg dat die belaglikheid 'n einde kry. En sommer gou ook. Dadelik. Of anders . . . Dis al."

Die luitenant salueer en verlaat die tent. Sy eie gesig voel warm en sweterig. Dat die vervlakste ou brompot nou so 'n herrie kan opskop oor so 'n nietigheid terwyl daar soveel gewigtiger dinge op die spel is . . . Vir 'n offisier en twintig manskappe om honderd en vyftig opstandelinge op te pas, gedurig op hulle doen en late te let, hulle dag en nag te bespied, is geen grap nie. Buitendien het hy en sy manne hierdie stoïsynse rebelle leer ken en 'n eienaardige soort agting ontwikkel vir die stil, verwese skepsels. Daar is 'n vreemde soort vriendskap tussen hulle, en die gedoente met die vlag het amper 'n soort speletjie geword. Op die mees onmoontlike tye glip een van die rebelle in die donker uit en hang die vlag aan een van die hoekpale van die binneste kampdraad op. Ewe gedwee het hy dit maar altyd net as sy plig beskou om die lap weer te laat verwyder, tot die majoor kom ingryp het. Daarop het allerlei drastiese maatreëls gevolg, maatreëls wat hom in sy wese gegrief het om toe te pas, maar hy self staan onder bevele. En dit het alles niks gehelp nie. Eintlik, heimelik, het sy bewondering vir hierdie rebelle gestyg en, so ver as sy gesag gestrek het, het hy hulle probeer beskerm, die ding probeer doodpraat, maar nou is daar geen keer meer aan die majoor nie.

"Laat die gevangenes dadelik op die plein aantree, die laaste man — gesond of siek of sterwend!" beveel hy die sersant. Die hemel weet — siekes en sterwendes is daar ook.

Vyf minute staan hulle in gelid op die stukkie oop grond voor die kaserne. Sommige kan beswaarlik op hulle voete bly, maar almal staan op aandag, swyend soos boomstompe, die gesigte soos houtmaskers. Geeneen verraai 'n sweem van vrees, nuuskierigheid, of enige emosie nie. Hulle is maer, die gesigte geel en vervalle. Die oë is soos donker, uitgebrande kole. Sommige het vuil verbande om die kop, die arm of die been.

Tien soldate met outomatiese gewere en bajonette staan op strategiese plekke en, soos gewoonlik, is die masjiengeweertorings vol beman. Maar die luitenant weet dat hierdie maatreëls eintlik oorbodig is. Chaotiese en doellose verset is nie in hierdie mense se aard nie. Hulle opstand is meer ideologies, dieper, meer vasberade.

"Hierdie nonsens met die vlag moet nou end kry," spreek hy hulle toe en, asof hy verskoning vir himself soek, laat hy

daarop volg: "Ek het streng bevele om die ding uit te wis. Ek weet nie wie van julle vir die sotterny verantwoordelik is nie en of julle beurte maak nie, maar dit gaan nie langer geduld word nie. Ek praat julle nie net bang nie — dit behoort teen hierdie tyd baie duidelik te wees. Julle kan die lewe vir julle self nog moeiliker maak as julle dit verkies."

Hy kyk die voorste paar rye deur. Die gesigte is die van skelette met hare. Vir hulle kan die lewe nie eintlik moeiliker gemaak word nie. Voorheen was hierdie mense vry, heersers van hulle eie land.

"Van nou af gaan daardie kampdraad dag en nag gepatrolleer word, verstaan? Ek gee my manne opdrag — hier, in julle almal se teenwoordigheid — om te skiet as een van julle in die nag by die draad gaan peuter, te skiet sonder aarseling. Is dit duidelik?"

Daar is geen antwoord nie, geen reaksie nie, geen geluid nie.

"Dis al. Gaan!"

Stil soos skimme rafel hulle uiteen, terug na hulle kwartiere in die ou kasernegebou. Hulle is weinig meer as skimme.

Vroeër was hulle die rebelle wat die regime van die vasteland hier moes kom vestig.

* * *

Daar is omtrent geen ander lig as die sterre nie, en hulle is vaag en ver. Daar is verder net die skraal soekligte van die wagtorings wat hulle vaal sleepsels oor die geboue, die terrein en die kampdrade trek. Maar hulle is nietig, hierdie soekligte, in 'n wye, donker, swygende wêreld, 'n gistende nag, en hulle kan maar net elke paar minute dieselfde plek bestraal, terwyl daar kolle is wat altyd donker bly.

Die soldaat by die kampdraad laat vir 'n oomblik sy geweerkolf op die grond rus, gaap agter sy hand. Hy is afgemat. Almal hier is afgemat — offisiere en gevangenes inkluis. Almal is tot die dood toe moeg vir hierdie hardnekkige rebelle, hierdie sinnelose verdrukking. Dit is so onsinnig. Buitendien probeer niemand tog ooit meer om uit hierdie kamp te ontsnap nie.

Daar was 'n beweging teen die bleek sterlig, iewers naby die hoek van die kampdraad. Daar was geen geluid nie, en wat hy gesien het, was beswaarlik meer as 'n glimp, maar iets het tussen hom en die lae sterre aan die westelike horison beweeg.

Hy lig sy geweer en hou die bajonet gereed. Sy harde stewels knars oor die moeë, suwwe aarde se dorheid. As hy by die hoekpaal kom, beweeg daar weer iets soos 'n skim tussen hom en die sterre.

"Halt!" roep hy. "Halt, of ek skiet!"

Die dowwe slag van kaal voete op die grond bepaal vir hom die plek waar die man hom bevind. Hy kan die gestalte vaagweg uitmaak, maar dit is te donker om te skiet. Die persoon glip skaars 'n tree of twee van hom verby. Op die geluk af, stoot hy die bajonet uit en tref. Dit moet min of meer in die

persoon se sy wees. Die vlugteling gee 'n onderdrukte pynkreet en gryp na sy sy. Die soldaat probeer om sy arms om hom te slaan, maar kry 'n harde stamp in die gesig. As hy die dowwe voetslag hoor weghardloop, skiet hy twee-driemaal. Die geweerloop stamp dun vuurtonneltjies deur die nagduister. 'n Soeklig val op die toneel en skilder die soldaat met sy geweer helder teen die swart omgewing — alleen. 'n Stemmekabaal bars om hom los. Die luitenant kom aangehardloop, ook die sersant en die meeste van die manskappe.

"Wat is dit? Wat het gebeur? Het jy hom gekry? Wie was dit? Het hy weer die vlag probeer ophang?"

"Ek het hom gekry, die vuilgoed. Maar hy het weggekom. Ek het hom raakgesteek, iewers in sy sy. Mag dit sy einde wees."

Almal sien die bloed aan die punt van sy bajonet. Hulle deursoek die gronde, maar waag dit nie om ongeorganiseerd in die donker kaserne in te gaan nie. Die kaserne is so stil soos 'n grafkelder. Die majoor kom van die militêre hoofkwartiere af aangejaag.

"En toe? Dis pragtig! Julle laat hom toe wegkom! Wel, die man met die steekwond in sy sy moet gevind word, nou dadelik. Daar is geen ander genade nie, Luitenant. As ons hom kry, fusilleer ons hom, hier en dadelik. Dit sal hulle vir goed regsit. Dit sal die laaste van die rebellevlag wees! Ondersoek dadelik die hele gespuis. Nóu sal ons hulle wys!"

"Majoor," herinner die luitenant hom, "vir twintig van ons om in die donker honderd en vyftig vyandelike manne te ondersoek — ek weet nie so mooi nie. Dit gaan 'n bietjie lol."

"Het jy my gehoor? Ek sê noú, oombliklik! As jy nie bereid is om my bevele te gehoorsaam nie, Luitenant, moet jy net sê. Jy weet natuurlik wat dit beteken, nie waar nie? Jy weet wat die straf vir die verontagsaming van 'n bevel is, of moet ek jou daaraan herinner? Laat die hele boel nóu aantree, onmiddellik. Gooi al die soekligte op hulle. Laat hulle hulle poedelkaal uittrek, en elke man moet op sy plek wees. Ek wil hulle persoonlik deurkyk, een vir een. Ons sal gou genoeg sien watter een met die bajonet raakgesteek is. En dan gaan hy dit gewaar!"

"Goed, Majoor."

Die sirene begin raas — 'n bevel om aan te tree. Die strale van alle soekligte, toortse, die kopligte van alle beskikbare voertuie word op die stukkie oop terrein voor die kasernegebou gefokus. Dit lyk soos 'n onwerklike ligwêreldjie in die ewige duisternis. Dit lyk soos die verhoog in 'n fantasie.

Die wagte skree bevele wat gehoorsaam moet word. Een vir een moet die gevangenes uit die donker ingang van die gebou te voorskyn tree, nadat hulle hulle klere op 'n bondel gelos het. Hulle moet op die oop terrein in die soekligvloed aantree.

Die tyd is min, uiters min. Met die beligting van die gebou het daar skielik iets verkeerd gegaan, baie skielik. En iewers het iemand 'n ou stuk tafelmes . . .

Die toneel is buite-wêrelds. Maer, skimagtig wit, onwesenlik, betree die gestaltes die bleek poel lig, een vir een.

Die luitenant, die sersante en gewapende wagte staan op strategiese plekke om die stil groep krygsgevangenes heen. Al die masjiengewere is uit die torings op hulle gerig.

In die dam lig staan hulle strak en nakend, vaal en houtig, soos 'n verdroogde woud wat verder deur 'n haelstorm gestroop is. Hulle liggame is knokkige skelette waaroor die ruwe, blouerige vel vol ou en nuwe littekens, wat soos kwaste aan 'n boom lyk, gespan is. Hulle is baie stil en hulle oë lyk soos uitgevlamde kole.

Die majoor staan nader, sy gesig rooi, blink en smalend.

"Nou, nóu sal ons sien wie die nagtelike vlagswaaier is! Nóu sal ons sien! Goeie genugtig!"

Dan bars 'n string onbeheerde buldervloeke deur sy dun lippe.

In die sy van elke man, rooi soos rebellie, rooi soos die lewe self, rooi soos 'n fel ontkenning van dood of neerlaag, rooi soos 'n vlag van verset, vlam 'n meswond.

A. J. J. VISSER

# TEMATIESE EN VERSTEGNIESE VERNUWING WAT N. P. VAN WYK LOUW BRING (1935-42)*

## 1.

Die grondslag vir die tematiese en verstegniese vernuwing van Dertig in die algemeen en van Van Wyk Louw in die besonder is m.i. drieërlei.

Eerstens: Die industriële revolusie, die verstedeliking van die Afrikaner, die uittree uit sy eeue-oue isolement van Suid-Afrika op staatkundige gebied, het meegebring dat deur die grense van ons konvensionele denke op alle gebiede gebreek is. So staan die digter ook te midde van dié ontwrigting en moet hy vir hom self nuwe waardes soek of ou waardes nuut interpreteer. Dit was 'n saak van vooraf begin, om sy houding te bepaal tot hom self, die maatskappy, die vaderland, die mensheid, vriend, vrou, God.[1]

Tweedens: Die kennismaking met die Wes-Europese stadsdigter en die Wes-Europese poësie in die algemeen. So is daar Perk en die Tagtigers wat hoofsaaklik tematologies die horison verbreed en Boutens, H. R. Holst en Leopold e.a. wat veral prikkel tot die verstegniese veranderinge. So ontdek die Dertiger sy eie wêreld: die grootstad met die bekoorlike bose en gewaagde, die mens in sy eensaamheid, bitterheid en opstand, die mens wat hartstogtelik en teer liefhet, die worstel met God, die satiriese vers, vrye vers, sonnette, kwatryne, himnes, 'n durwende segging, oorspronklike beeldspraak en die boeiende spel van spannings.

Die vereenselwiging as 'n groep met ander dinkwêrelde as dié van die ouer digters bring by Dertig mee rykdom en verskeidenheid wat sy afsonderlike figure betref, veelsydigheid by indiwidue. Dit lei verder daartoe dat die skoonheid voortaan as die hoogste gestel sal word, dat die moderne gees oor groter psigiese gebiede sal reik, dat woordgebruik veel gevoeliger sal word, dat die ritme, enjambemente, ryme intensiewer, suggestiewer geaktiveer sal word.

Derdens: Uit die konfrontasie met die ouer Afrikaanse digters trek die Dertigers, daarom ook Van Wyk Louw, volgens Antonissen, 'n belangrike konklusie, nl. die besef van die leemtes in die ouer Afrikaanse liriek (gebrek aan stadspoësie, intieme liefdesgedigte, belydenisverse van opstand en

*Alleenspraak "'n Aarselende debuut", het vanjaar 30 jaar gelede verskyn.
1. Vgl.: Die rigting van die Afrikaanse Letterkunde in *Berigte te Velde.*

twyfel, die geding met God), die insig in moontlikhede wat nie vervul is nie, die wil om beide die leemtes aan te vul en die kieme tot wasdom te laat kom. Verder word dit ook duidelik vir die kritiese Dertiger dat sekere temas, bv. die spesifiek Afrikaanse, die vaderlandse en plaaslike "uitgeskryf" is en ten slotte dat hy om nie in herhaling of stagnasie te verval nie, hom self moet dwing om 'n hoër peil te bereik as sy voorgangers.

Daarom die groot teenstelling met vroeër: Naas verheerliking van die verlede, 'n eerlike soek na 'n houding in die hede; geloofsberusting van Celliers e.a. teenoor eksistensiële onrus van Van Wyk Louw; 'n nuwe siening van die vrou; naas idilliese boerebestaan, die grootstad. In plaas van dat poësie geskryf word vir die genot, kry ons afdaling in die donker onderwêreld van die siel soos in "Die Swart Luiperd" van Van Wyk Louw.

## [2.]

Die reg wat Van Wyk Louw vir Dertig opeis, nl. om elke terrein van die lewe te verken, om "alles, maar ook alles"[2] wat die moderne mens roer in die literatuur neerslag te laat kry: die onderbewuste van die mens, die geheim van geboorte en dood, sy intiemste liefdesverhoudinge, dit alles lê ten grondslag van die tematiese vernuwing wat hyself in die Afrikaanse poësie bring.

Naas nuwe temas keer ou en vertroude motiewe natuurlik ook altyd in Louw se werk terug. Daar is bv., om maar twee te noem, nog die sondebesef, maar nou word dit 'n probleem wat die ganse skepping raak en die sonde iets wat nie langer uit die wet geken kan word nie. Daar is nog die nasionale motief, maar dié kom nie tot uiting in vaderlandse verse nie. Nasionalisme word 'n indiwiduele aangeleentheid, is vir Louw "die waaksaam wees van die bewuste enkeling onder die dowwe menigte aan wie hy nietemin in verlange en noodlot verbonde is."[3]

Belangrik is dat die proses van objektivering wat ook van die ander Dertigers deurmaak (E. Eybers en W. E. G. Louw) by Van Wyk Louw die indrukwekkendste gedaante aangeneem het. "Die ontwikkeling van die *Alleenspraak* tot die *Gestalte* raak elke aspek van sy digterskap."[4] Dit sal dan ook die geval wees met wat betref dié temas sowel as die verstegniek wat ek kortliks hier gaan bespreek.

## [3.]

(a) Die Liefdetema: In die vroegste afdeling van *Alleenspraak* vind ons as onderafdeling van die reeks "eenvoudige liedjies"

2. t.a.p.
3. Grove, A. P.: *Standpunte,* Nuwe Reeks 3, bl. 11.
4. Grove, A. P.: a.w., bl. 11.

'n aantal liefdesverse wat 'n verruklike eenvoud, teerheid en liriese kwaliteite besit. Met:

Soos rook sal ons siele sweef
steil deur die sterrenag,
bo oor die donker berge,
bo oor die donker nag.

en met "Nagliedjie" se

Jy is soos 'n ster vir my
ver en stil en rein;
en my siel die donker water
waar jou beeld in skyn

lewer Louw volkse liefdespoësie wat deur die suiwerheid daarvan iets besonders in daardie jare is, veel suiwerder as A. G. Visser, volgens Opperman.

Meer persoonlike liefdesverse tref ons aan in "Ek het jou lief" en "Daar is 'n geur van blomme." Die beskrywing van die vroulike liggaam:

. . . die blanke lede
wat swel van wellus soos die druif van sap,
die ligrooi bloeisels van jou jonge borste

in eersgenoemde en in laasgenoemde iets van die vampiersvrou met die hartstog verpersoonlik deur die

geel stingels van die sonde
vas teen haar bors,

is in daardie tyd gewaag, iets rewolusionêrs in Afrikaans.[5]

Meer objektief in "Gesprek van die Dooie Siele" gee Louw vir ons in dié lewe self die ewigtragiese tussen die denkende man wat sy

grote Godsweg gaan
verlore tussen lug en kim

en die minnende vrou wat in die dood verlang

dat daar iets nog bly
tot smettelose gedagtenis,

want:

deur alle duister sal ek tas
tot ek jou bloedwarm voel en vas
en indrink soos 'n drank in my.

Die verbinding van die aardse en die skone in die vrou in *DIE HALWE KRING* is 'n belangrike groeipunt vir Louw as digter. In "Nagwerk" breek hy weg van die lyflike jeugliefde:

dat smartlike geskeidenheid
die hoogste en laaste woord nie is,

en vind hy troos in:

Maar dit sal een en enkeld bly,
en aards en diep sy laafnis kry . . .
(Winterbome)

---

5. In teenstelling met sy "Wordende Naakt" in *Standpunte* Nuwe Reeks 50 wat slegs interessant is vanweë waarneming.

Dié aardse siening van die vrou waarin hy bekoring vind, kry ons dan ook in "Jy was 'n kind":

Jou liefde was 'n suiwer afgemete
deel van jou aardse blydskap en die hoë
gang van jou hare en borste teen die wind
was skugter met 'n ver, ou aardse vrees . . .

Daarom is jy . . .
soos in die aarde donker water staan . . .

'n laaste kuil van stilte tussen riet.

Ten spyte van die feit dat hy "droef en rusteloos van pyn" is, put hy eindelik besieling uit die nuwe liefdeslewe, want:

in jou oë het gebly die glans
en ryp vervulling van wyd-ope en klare
herfste . . .
jou vreugde het blink en rimpeloos diep
oor alle wete en vrees gevloei.

(„Abélard")

Uit dié liefde groei dan die skoonheid wat die "kring" voltooi. In *Gestaltes en Diere* dan die ewewig:

Om alle dinge lief te hê
wat speels en klaar en lenig is,
Hy't omgedraai en uitgegaan

na die helderheid van lewe en dood
wat daardie aardse wete gee.

(Nou was sy Liggaam)

(b) Die Religieuse tema en Opstandsgedigte:

Die wysgerige inslag, hoewel ons dit reeds by C. M. van den Heever kry sonder dat dit volkome vorm geword het, moet eers by Louw as wesenlike vernuwing gesien word. "Louw se geestespanninge en soeke deur die platonisme, panteïsme e.a. -ismes heen het poësie geword."[6]

Saam met hierdie wysgerige inslag wat vanaf *Alleenspraak* in gedigte voorkom soos "My Meester," "Ekstase" e.a. groei stadig die gedigte wat die groot opstand van later in vooruitsig stel. In "Die Oorwonnene" word reeds aktiewe opstand oorweeg:

Ek kon die donker wurging voel,
maar waarheen kap? Jou oormag . . .

In "In Waansin het ek gevra" tref ons eintlik die eerste voldrae opstandsgedig aan: opstand teen die "stelsel," die rasionalisme en die aanvaarding van die irrasionalisme, waar met naakte liggaam "hierdie wonderlewe met wonderoë" soos die eerste mens van nuuts af gesoek kan word sonder om ooit te wil vind:

6. Opperman, D. J.: Digters van Dertig, bl. 192.

O God, vir my die wilde sin,
die oë wat hul waansin noem,
om wat ondenkbaar is, te dink,
en wat onmoontlik is, begin

en eindelik:

Om nie te weet — dit is U seën,
en om te vind — dit is U vloek.

Hoe hemelsver staan Louw hiermee nie van die kalme Calvinistiese sekerheid en rustige tevredenheid van Celliers nie:

ek voel soos een
met die Heer alleen —
'n Kind aan Sy boesem tevrede
("Eensaamheid").

In *Die Halwe Kring* is die opstand oortuigender in die regstreekse geding met God: "Met U, met U is my geding" (bl. 25), in die opstand teen 'n ongenaakbare God in "Lucifer," in die pynverbondenheid met die God-mens in "Ecce Homo" (bl. 20).

Ek ken Sy dors, ek ken Sy angs.

Die hoogtepunt in dié verband tref ons aan in "Die Profeet" waar hy "sy spannings met sy medemens en God ontlaai tussen twee "genades," dié van menslike rus en goddelike onrus"[7] tot hy sy sterkte skep uit die wete:

dat al my onrus is die saamwaai met
U magtige wind —
en Heer, ek staan weer sterk
in die andere genade wat U gee.

"Op hierdie hoogtes ontmoet mekaar en gaan in mekaar op sy eie trots en deernis met die lydende mense en die lydende volk."[8] In latere verse soos bv. "Die Doper in die Woestyn" en "Beeld van 'n Jeug: Duif en Perd" (*Nuwe Verse*) vind ons dat Louw ver verby die ou "twis-met-God"-gedigte gegroei het.

(c) Nuwe benadering van die "nasionale."

Dit is in *Die Halwe Kring*-periode dat ons by Louw 'n wegswaai van die suiwer denke kry na die aardse, 'n meer vitale lewe. En in sy poësie kry ons sy opvattings oor die volkse, die heroïese. Opperman (a.w., bl. 195) toon aan hoe Louw oor sosiaal-politieke, die naturalistiese tot die vitalisme gekom het en dat "die lewenskragtige, liggaamlike, aardse een van die groot voedingsbronne vir *Die Halwe Kring* word."

Hierdie vitalisme vind ons dan ook in diens van die nasionalisme en vind sy sterkste uiting in die afdeling "Gedagtes, Liedere en Gebede van 'n Soldaat." In "Van die Gekwestes wat op die Slagveld lê" plat "getrap in die grond/

---

7. Opperman, D. J.: a.w., bl. 199.
8. Antonissen, R.: Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang tot Hede (1960), bl. 242.

plaveisel, o God, vir hul vaart," kry ons die posisie van die nasionalis van 1934 wat bitter

swyg en wag, stom
op die wraak van ons broers wat moet kom.

Die hoogtepunt van dié groep vind ons in "Ons wil moet blink wees" om lig en trots en skaamteloos tussen die mense te loop

met oë soos 'n jong kind en die knoop
van ons gedagtes losruk met die kort
besinning van 'n suiwer dier.

Hier staan die digter in diens van en "net aan ons bloed getrou." Volgens Opperman het ons hier te doen met die wraak, haat en toorn van versetpoësie, die geuseliedere van 'n moderne Afrikaanse Nasionalis wat eindelik uitgroei tot die grootse taak van die soldaat wat

. . . die Edele
en kosbare veilig deur die skare dra.

(d) Verder: Na aanleiding van Opperman se bewering (Wiggelstok, bl. 150), nl. dat "die Bose so inherent (is) aan die hele aard van die kunswerk en kunstenaarskap dat dit die kunstenaar sy volste en ruimste moontlikhede bied om 'n groot kunswerk te skep," is dit begryplik dat juis Van Wyk Louw in daardie tyd hierdie nuwe tema aansny met sy "Ballade van die Bose" waarin die bose altyd net die voorlaaste stap in die evolusieproses is.

Met "Ballade van die Drinker in Sy kroeg" weer het ons een van die eerste voorbeelde van die dieptesielkunde in die Afrikaanse poësie. So sal ons kan voortgaan, maar genoeg.

Samevattend net dit: Louw se temas groei uit die Afrikaanse nasionale en letterkundige situasie, maar dit sluit aan by die Wes-Europease tradisie wat dan ook die vernuwing in ons poësie bring.

## [4.]

Maar die vernuwing lê nie slegs in die aanwending van nuwe temas en 'n nuwe benadering van ou temas nie, want ons kry dit ook by ouer digters en selfs by byna elke ander digter. Maar deur gebrekkige vormgewing is daar dikwels nog geen sprake van werklike vernuwing nie. "It is never what a poem *says* which matters, but what it *is*."[9]

Dit bring ons by die belangrikste aspek van Louw as vernuwer, selfs vanaf sy debuutbundel. Vir T. S. Elliot "the sign of promise in a young writer (is) not originality of idea or emotion, but *technical competence*" (kursivering van my). Die nuwe in sover dit inhoud en tema aangaan, kom dus eintlik eers ter sprake as dit volkome vorm geword het, "en dan," sê Opperman, "kan die temas maar 'oud' en 'verouderd'

9. Richards, I. A.: Science and Poetry, Criticism, bl. 510.

wees, want as dit werklik vorm geword het, sal dit altyd uniek en nuut wees."[10] Daardeur word die nuwe temas by Van Wyk Louw van veel meer belang as by ander Dertigers.

Soos hoërop gesê, is dit juis die proses van objektivering, sy ontwikkeling van die "alleenspraak" tot die "gestalte," wat elke aspek van sy digterskap raak. Wat sy vormgewing en verstegniek betref, vind ons dat in *Alleenspraak* en *Die Halwe Kring* waar die digter met persoonlike probleme worstel en eindelik die teenstellende en teenstrydige aanvaar met die skoonheid as oplossing, hy veral 'n helder liries-belydende vers skryf, selfs waar hy gestaltes kies.

Met *Gestaltes en Diere* en *Raka* swaai sy vers weg van die suiwer liriek en persoonlike geval na 'n meer algemene probleemstelling, 'n epies-beeldende belydenis. Sy vers is boeiend ten spyte van 'n hardheid en geslotenheid:

Donker is my oë en my bloed:
ek is 'n swart gesteente, en uit
straal niks, en ál wat gloed
van binne is, is toegesluit.
(Die Swart Luiperd)

Die hele aangeleentheid van die verstegniese vernuwing by N. P. van Wyk Louw lê vir my opgesluit in die begrip "intensiteit."[11] Dit sê iets wesenlikers as "mooi" of "gevoelig": Die gevoel moet "intens" wees, maar dit is nie genoeg nie, ook die ekspressie moet intens wees, die klank van die gedig moet ooreenkom met wat die gedig wil uitdruk. Intensiteit sluit dan ook alle retoriek, d.w.s. alle verwatering van gevoel of uitdrukking uit. Dit vereis van die digter konsentrasie van al sy kragte totdat die "enig juiste" woord gevind is, 'n sekere gedrongenheid van uitdrukking, 'n digtheid van die gedig.

Die besef dat poësie alleen die essensieelste moet uitdruk, tipeer die poësie van Dertig in die algemeen. Van Wyk Louw formuleer dit as volg: "na elke groot digter of groot poëtiese tydperk het die poësie iets uitgesmyt, is hy meer gekonsentreerd, sterker op die tong, minder gemengd, verwaterd en staan die swakker geeste vreemder teenoor hom."

Maar dié aanhaling is ook en veral op Louw self van toepassing. Soveel dat Opperman met reg van Louw se belydenis kan sê: "Dit ken nie die deklamatoriese van I. D. du Plessis se vers nie, die vulsel van C. M. van den Heever s'n, die stylgrepe van Uys Krige en die pose van W. E. G. Louw se vers nie."[12]

Louw se gedigte tref ons omdat dit met kreatiewe krag gelaai is wat ons aantrek, volgens H. A. Mulder, met "geconcentreerde geheimsinnigheid": "die woorde, die beelde,

---

10. Opperman, D. J.: a.w., bl. 191.
11. Mulder, H. A.: *Laaste Opstelle* (Kaapstad, 1961), bl. 104 e.v.
12. a.w., bl. 249.

die vergelykings, die byvoeglike naamwoorde, die rymwoorde, die ritme — alles is fyn geïntegreer met mekaar, besit 'n beeldende noodsaak sodat 'n mens in sy beste verse vanaf die inset met een slag meegevoer word na die slot wat deur die hele vers gevul en gevoed word," volgens Opperman.

Om in al bogenoemde die vernuwing aan te toon, sal 'n omvangryker studie meebring as wat in die verste verte hier beoog word. Ek wys slegs op enkeles.

(a) *Die Woord*: Hiermee is ons al dadelik by die essensieelste trek van Louw se poësie. Met die woorde wat as tipies Afrikaans verheerlik is, kon hy nie tevrede wees nie. "Ons sal die rykste verskeidenheid woorde . . . van die plaas af, uit die fabriek, uit die hele, nuwe lewe nodig hê."[13]

Hoewel die digter in "Ek het die aarde nie gesien" voel, "al (sy) woorde is stameling, gebroke en naak" is die "fyn en silwer" woord wat die allerfynste nuanse kan registreer, daardie "vreemde vlam van woorde" alreeds in *Alleenspraak* aan te toon. Vanaf *Die Halwe Kring* waarin hy "min maar suiwer woorde" (Opdrag) eis, tree 'n verstrakking in. In *Raka* en *Gestaltes en Diere* tref ons die beeldende woord aan wat eerder *is* as *sê*.

(b) *Die Beeld en Beeldspraak*: Beeldspraak beide wat die vergelyking en die metafoor betref, is een van die belangrikste vernuwingselemente by Louw. Laasgenoemde die vermoë om dinge intuïtief saam te gryp soos geen ander voor hom nie, eersgenoemde die getuie meer van 'n analitiese aanleg en gesamentlik die verrassingselement wat so belangrik is in alle goeie poësie omdat dit 'n snelle onverwagte verheldering bring. So sê Mulder bv. dat *Gestaltes en Diere* niks anders is as 'n stortvloed van beelde nie, wat met enkele plastiese pregnante trekke magtige verskiete oopslaan.[14]

Die beeld — selfs die verrassende enkelbeeld — is natuurlik geen waarborg vir goeie poësie nie: dit hang daarvan of hoe die beelde met die totaalsiening geïntegreer is, en hierin lê juis die vernuwing wat deur Louw gebring is.

Ook met die oog op die aantoon van die vernuwing is die verskeidenheid belangrik. Waar Elisabeth Eybers se beelde veral ten opsigte van die tastelike geopenbaar word en ons 'n sekere armoede in verband met die sintuiglike by haar aantref,[15] vind ons dat die oorwegende patroon in die sinestetiese beeld by Van Wyk Louw, soos voldoende aangetoon deur Ernst van Heerden,[16] die akoesties-optiese is (sonder dat die ander afgeskeep word). Die digter beskik oor die buitengewone vermoë om sy beelde te integreer in die

13. Van Wyk Louw, N. P.: *Lojale Verset* (2de druk), bl. 15.
14. a.w., bl. 26.
15. Grobler, P. du P.: Oor die Verstegniek by E. Eybers, *Standpunte* 19, bl. 58.
16. Van Heerden, E.: Die Sinestetiese Beeld, *Standpunte* 29, bl. 49 e.v.

totaalbeeld soos bv. veelvuldig blyk uit *Raka* waar hy sy beelde as't ware in die primitiewe sfeer van die tema dompel:

> Sy woord het vuur
> geslaan uit hulle kou klip.
>
> (*Raka*, bl. 17).

(c) *Versvorme*: Die versvorm van die indiwidualisme is. volgens Opperman,[17] die belydenisgedig. Die sonnet is die gewildste vorm van die belydenisvers, maar ander versvorme soos die kwatryn, die ballade, die vrye vers word ook gebesig. Die blywendste kuns van Dertig vind ons egter waar die belydenis deur die gestalte of verhaal gedra word, waar dit bo die bloot persoonlike uitstyg, tot gestalteskepping kom.

Van Wyk Louw het egter meer as enige ander Dertiger 'n verbasende tegniese verskeidenheid en vaardigheid aan die dag gelê: Daar is: (a) die liedjie soos "Speelman" in *Alleenspraak* en "Ryliedjie" in *Die Halwe Kring;*

(b) die stromende sonnet soos "Vier Gebede by Jaargetye in die Boland" in *Die Halwe Kring,* waarvan "Vroegherfs" in sy geheel en "Eerste Sneeu" om sy pragtige aanhef altyd iets besonders in Afrikaans sal bly en "Drie Diere" uit *Gestaltes en Diere;*

(c) die vryer vers soos "Van die Gekwestes wat op die Slagveld lê" in *Die Halwe Kring*;

(d) die rymlose vers soos "Ons moet die Bitter taak" en "Die Profeet" in *Die Halwe Kring* en "Vooraf Gespeel" in *Gestaltes en Diere;*

(e) die himne soos "Aan die Skoonheid" in *Die Halwe Kring;*

(f) die gebed as "een van die skoonste vorms in die poësie";

(g) die dramatiese alleenspraak[18] soos "Die Hond van God" (wat volgens Mulder van begin tot end soos 'n hete sirokko waai; "Nooit het ek 'n gedig gelees wat so beangstigend is nie."[19]) en "Die Swart Luiperd" in *Gestaltes en Diere;*

(h) die moderne Ballade soos "Ballade van die Bose," "Van die Visser op land in die Nag," "Van die Sterwende Man," "Van die Nagtelike Ure"[20] e.a. Hierdie Ballades is "nie slegs 'n Afrikaanse digter se stoutste en meesterlikste greep in die 'ballade'-genre nie, hulle beteken meteen die skepping van 'n nuwe ballade-soort en in Afrikaans 'n nuwe digsoort: dié waarin die verhaal slegs een laag in 'n kompleks van betekenislae is"[21];

---

17. a.w.: bl. 55.
18. Opperman, D. J.: Die Aard van die Dramatiese Alleenspraak, *Standpunte,* nuwe reeks 36, bl. 5-15.
19. a.w.: bl. 27.
20. Grove, A. P.: *Standpunte,* nr./8, bl. 23-29.
21. Antonissen, R.: a.w., bl. 245.

(i) die kwatryn soos "Dit brand my Voete": aabb;
(j) die koorspel soos *Die Dieper Reg;*
(k) die moderne Epos soos *Raka* met enersyds sy objektiewe verteltrant en woordplastiek sowel as die uitbeelding van reusegroot gestaltes (Raka en Koki), die simboliek en die mitologiese atmosfeer wat aan die ou epos herinner en andersyds met sy subjektiewe elemente wat verberg word in die verhaal wat dit 'n moderne epos maak.[22]

In hierdie groot verskeidenheid vorms wend hy tegniese grepe aan soos die twee- ("Renboot" en "Ballade van die Sterwende Man"), die drie-, die vier- ("Paniese Angs" en "Abélard"), die vyf- ("Ons wil moet blink wees"), die ses- ("Julle is die Oorheersers"), en die agreëlige ("Nagwaak") strofebou, met verskillende rympatrone. "In eerste en laaste instansie," sê Opperman, "is sy vormvermoë die belangrikste." By Louw het die inhoud "poësie" geword omdat dit deur die eng poort van literêre vormgewing gegaan het.

[5.]

Ten slotte: Teenoor I. D. du Plessis wat nie vorme skep nie, maar hulle hanteer en C. M. van den Heever wat naas fyn gedigte ("Die Gevalle Zoeloe-Indoena," "Voëls in die Skemering" e.a.) verse lewer wat weens 'n gebrek aan konkrete beelding in eentonigheid verloop, staan Van Wyk Louw "afsonderlik en trots en vry." Hy het van die lied in *Alleenspraak* gekom oor die dramatiese monoloog tot die moderne ballade en die dramatiek. Deur streng tug het hy alles "saamgegryp en vereng tot enkele harde en helder dinge."

Hy is die duister digter wat praat van die heilige en nooitgehoorde dinge waaroor die mens huiwer en wat om die grense flikker van (sy) duister woorde. "Hy lewer die grootste bydrae van al die Dertigers, bring die grootste tematiese en verstegniese vernuwing."[23]

22. Mulder, H. A.: a.w., bl. 33-34.
23. Opperman, D. J.: a.w., bl. 250.

DU PREEZ MARTINS

## TREINBESTUURDER

Die dronklap hool,
neonlig en stad se drakenstein
raak weg as grawe kool
weg sink in die ysterbrein.

Met elke skommeldans
of skel gefluit,
weeg swaar in my opgedam
die groot besluit:
langs welke weg, watter gang?

Rigtingloos dobber ek deur die nag
sinloos in die duister voort:
'n pelgrim wat twaalf ure elke dag
wens hy is by die onbekende Donkerpoort*

waar Sinjale wat die slang beheer,
met weegskaal arms staan
en stom die kruising reguleer
vir hom wat deur die poorte gaan.

* 'n Stasie naby Norvalspont.

## SEDELIKE VERVAL IN EVATON

Die leeg getapte stad
se nageboorte smet,
steier sinkdak krotte binne
waar die kuisheid skat
van elke meid se kruik
in flenters spat.

P. C. SCHOONEES

## GEDAGTES OOR TYD

Die besigste mens het gewoonlik die meeste tyd omdat hy geleer het om sy tyd goed te verdeel en suinig daarmee werk. Die omgekeerde is ook waar, want 'n mens wat min of niks te doen het nie, het nooit tyd nie. Hy sal vir jou beduie dat hy nie tyd het om vandag iets te gaan sien nie wat môre nog te sien sal wees. As 'n mens iets kan doen wanneer jy wil, word dit gewoonlik nooit gedoen nie.

Almal weet dat tyd geld is, maar dis darem opmerklik hoeveel geld weggesmyt word om die tyd te verdryf.

Ovidius het opgemerk dat die dae met los leisels verbyvlieg. Partymaal wens ons om die tyd terug te hou, maar hy gaan maar altoos verby. Dis net vir die gelukkige wat die klok nooit slaan nie, sê Schiller. As 'n mens ouer word, dan lyk dit soms of more direk oorgegaan het in gister sonder om hom die tyd te gun om vandag te wees. Maar as ons in die spieël kyk, dan sien ons dat hy tog so in die verbygaan sy groefies op ons gesig nagelaat het.

Seneca meen dat 'n wyse die verlede in sy herinnering moet vashou, van die teenswoordige 'n goeie gebruik moet maak en die toekomstige vooruit moet geniet. Wie so alle tye in een enkele tyd saamvat, het 'n lang lewe.

Hoe ouer ons word, hoe korter lyk die opeenvolgende tydperke van ons lewe. Vir 'n kind kan 'n dag soos 'n jaar voel, en 'n jaar soos 'n eeu.

Hoe vinnig die tyd ook al verbygaan, vir die mens wat moet wag en wat niks anders te doen het as om op die verloop van die tyd te let nie, kan 'n paar minute soos ure lyk, 'n paar maande soos jare.

Die tyd gaan verby, sê ons. Maar dis 'n groot vergissing, het Ronsard gesê. Die tyd bly, dis *ons* wat verbygaan.

As niemand my vra wat die tyd is, weet ek dit, sê Augustinus. Maar as ek dit wil uitlê, dan weet ek dit nie.

En "die goeie ou tyd," waaroor ons so graag praat? Was dit nie maar net die tyd toe ons met jong oë die wêreld beskou het nie?

### I

'n Ideaal moet sin en rigting aan jou lewe gee, moet jou opneem in iets wat ruimer en bestendiger is as jou eie beperkte en verganklike persoontjie, iets wat na jou voortlewe. Sonder so 'n ideaal is daar geen moontlikheid van blywende geluk nie.

## II

Wie met oop oë deur die lewe gaan, sien orals geheimenisse. Maar die meeste mense raak daaraan so gewend dat hulle met toe oë in 'n skynwêreld lewe.

## III

'n Groot kunswerk redeneer nie omdat dit nie ontstaan in die ryk van die logika en omdat die verstand nie sy vorm bepaal nie. Die innerlikste siel van die kunstenaar kry daarin gestalte en dit word gebore in 'n gebied waar die waarheid ontdek word deur onmiddellike aanskouing en nie deur logiese skerpsinnigheid nie. 'n Gedagte kry eers kunswaarde as dit nie meer loutere verstandsdaad is nie, maar as dit herskep is deur die kunstenaar se persoonlikheid, wat dit innerlik gesien en gevoel het. Dan kan dit ook ons lewensgevoel verhef en verryk.

## IV

Op jou liggaam en veral op jou gesig en jou hande staan uiteindelik die geskiedenis van jou hele lewe geskrywe.

## V

Om mens te wees by die mense, dit leer die groot smart ons.

## KOMMENTAAR

### I

"De brave romantiek heeft indertijd de idealisatie van de mens met literaire schoonheid verward; nu gebeurt hetzelfde bedrog onder invloed van een brutaal seksualisme. Het laatste zal even vlug als het eerste de grens van zijn mogelijkheden bereikt hebben. Men kan niet buiten de beperktheid die de zaken in zichzelf hebben en wordt spoedig tot zulkdanige overdrijvingen verlokt, dat ze lachwekkend worden. Op dat ogenblik, door de humor ontnuchterd, geeft men de waarheid haar rechten terug. De koorts moet ondertussen uitwoeden. Het publiek reageert reeds op een normale manier: het keert zich langzaam van de letterkunde af en begint meer en meer belang te stellen in geschiedenis, wijsbegeerte en godsdienstige lectuur.

Van een andere kant mogen wij er niet blind voor zijn dat het seksuele in ons aller bestaan een grote betekenis heeft . . . De mens die uitsluitend bij het seksuele leeft, is een onvolledige, uit zijn evenwicht gerukte mens, een onvolwassene, die het zijn van één uur over een heel bestaan uitbreidt, en één uitzicht van het leven boven alle verhoudingen opschroeft."
André Demedts (Dietsche Warande en Belfort Jrg. 109/nr.10)

### II

"Daar is min mense wat dinge wil eet wat nie eintlik kos is nie of wat ander dinge met kos wil doen as om dit te eet. Met ander woorde, perversies van die eetlus is seldsaam. Maar perversies van die seksinstink is talryk, moeilik te genees en afskuwelik. Dit spyt my om sulke besonderhede op te noem, maar ek moet. Die rede waarom ek dit moet doen, is dat u en ek die afgelope twintig jaar dag in en dag uit op soliede leuens aangaande seks gevoer is. Ons het gehoor totdat ons siek daarvan was dat seksuele begeerte dieselfde is as elkeen van ons ander natuurlike begeertes, en dat as ons maar net ons verspotte Viktoriaanse toesmeerdery daarvan wil laat vaar, die hele wêreld reg sou wees. Dit is nie waar nie. Die oomblik wanneer jy na die feite en weg van die propaganda kyk, sien jy dat dit nie waar is nie.

Hulle vertel dat seks in so 'n gemors beland het, omdat dit in die doofpot gestop was. Daar is heeldag daaroor geklets. Tog bly dit nog in 'n gemors. As die toestop in die doofpot die oorsaak van die moeilikheid was, sou belugting dit reg-

gemaak het. Maar dit het nie. Ek dink die saak staan presies anders. Ek dink die mens het dit oorspronklik in die doofpot gestop, omdat dit in so 'n gemors was. Moderne mense sê altyd: "Seks is niks om jou oor te skaam nie." Daarmee kan hulle twee dinge bedoel. Hulle kan wil sê: "Daar is niks om oor skaam te wees in die feit dat die menslike ras homself op 'n sekere manier voortplant nie, en ook nie in die feit dat dit hom genot verskaf nie." As hulle dit bedoel, dan het hulle gelyk. Die Christendom sê dieselfde. Dit is nie die daad of die genot wat die moeilikheid is nie. Die ou Christelike leermeesters het gesê as die mens nooit geval het nie, sou seksuele genot groter gewees het in plaas van minder, soos nou die géval is. Ek weet party warkop-Christene praat asof die Christendom gemeen het dat seks, die liggaam of genot op sigself sleg is. Maar hulle is verkeerd. Die Christendom is byna die enigste groot godsdiens wat die liggaam heelhartig sy goedkeurende erkenning verleen, wat glo dat materie goed is, dat God self eenmaal 'n menslike liggaam aangeneem het, dat ons die een of ander soort liggaam selfs in die hemel gaan ontvang wat 'n deel van ons geluk, ons skoonheid en ons krag gaan wees. Die Christendom, meer as elke ander godsdiens, het die huwelik verheerlik: byna al die grootste liefdespoësie in die wêreld is deur Christene geskryf. As iemand sê dat seks op sigself sleg is, sal die Christendom hom dadelik weerspreek. Maar natuurlik, wanneer mense sê: "Seks is niks om oor skaam te wees nie," dan kan hulle bedoel: "die toestand waarin die seksinstink nou verkeer, is niks om jou oor te skaam nie."

En as hulle dit bedoel, dan dink ek hulle is verkeerd. Ek dink dit is in alle opsigte iets om jou oor te skaam. Daar is niks om jou oor te skaam in die genieting van jou kos nie; daar is alles om jou oor te skaam as die helfte van die wêreld kos die hoofbelangstelling van hulle lewens maak en hulle tyd deurbring met kyk na kos en watertand oor kos en lippe aflek oor kos. Ek sê nie u en ek is individueel verantwoordelik vir die huidige toestand nie. Van ons voorgeslagte het ons organismes geërf wat in hierdie opsig verwronge is: en ons word groot te midde van propaganda ten gunste van onkuisheid. Daar is mense wat ons seksinstink gewek wil hou om geld uit ons te maak. Want natuurlik is 'n man met 'n obsessie 'n man met min weerstand teen verkooptegniek."

C. S. Lewis (Die Hart van die Christendom, 1964, bl. 93-95).

## DIE LAER

*Die Laer* van W. A. de Klerk is 'n historiese roman oor die kortstondige Boererepubliekie Upingtonia wat deur 'n groepie afgeskeide Dorslandtrekkers in 1885 op Grootfontein, Suidwes-Afrika, gestig, op tragiese wyse doodloop.

Die hooffiguur W. W. Jordan, 'n kleurling, wat hom as lekegeneesheer en selfaangestelde diplomaat met die lot van die trekkers vereenselwig, en, soos Piet Retief, vir die saak sterf, lééf. Waar Ampie die eerste lewende mens in ons letterkunde was, is hy die resentste toevoeging tot die lys lewende karakters waarmee ons taal sedertdien verryk is.

*Die Laer* is in wese 'n treurspel. Dit bring die leser in 'n stemming van deernis en deemoed en laat hom verbysterd met 'n gevoel dat die Afrikaner in die lug, sonder grond onder sy voete hang, met verraderlike moord om hom.

Die roman se boodskap is *die aanvaarding van jou eie tyd.* Vir elke leser sal sulke aanvaarding sy eie persoonlike betekenis hê; elkeen moet vir homself dink en oordeel. Vir my is die Republiekie Upingtonia simbolies van Republiek Suid-Afrika. As hierdie staat nie die eise van ons tyd bevredig nie, sal dit ewe tragies as Upingtonia doodloop.

Wat is die eise? De Klerk sê dit natuurlik nie, want sy werk handel oor die dekade 1876 tot 1886, en die leser wonder of hy weet wat die eise vir daardie tyd was; maar elke skoolseun weet van drie eise wat deur Afrikaanse denkers gestel is:

1. Blank Suid-Afrika moet sy verderflike tradisie van gemaksug en selfsug om swart arbeiders vir sogenaamde kafferwerk te gebruik, afsweer. Daar moet 'n blanke arbeidsmag opgebou word, nie net 'n blanke leërmag nie; nie net Apartheid, terwyl die swartman elke minuut dieper en dieper in ons ekonomie ingeïntegreer word nie.

2. Die Afrikaner moet sy lewensbeskouing, soos dié van sommige burgers van Upingtonia, verruim en andersdenkendes as deel van die eie tyd aanvaar.

3. Ons blankes moet met kleurlinge soos Jordan saamwerk, want hulle is ons *gelykes* daarin dat hulle ons geesverwante is. Jordan is tot so 'n hoë mate 'n Westerling dat hierdie Kaapse kleurling die Piet Retief van die Dorslandtrek kon word. Niemand het 'n witter siel nie; inteendeel, daar is wit velle met swart harte in die roman.

Dit is drie eise van ons eie tyd, 1965. Wat het hulle tyd in 1885, tagtig jaar gelede aan die burgers van Upingtonia geëis? Die roman sê dit nie, maar die hele atmosfeer laat jou die eis

voel: die blanke moet uit swart Afrika padgee; hy is nie welkom op die donker vasteland nie, en hy sal beslis uitgewis word, tensy hy homself met stoflike en geestelike mag en krag handhaaf.

Die tema suggereer die skynbare onoplosbaarheid van ons bestaansprobleem — lewe in 'n wêreld wat jou verwerp; beeld in 'n sin dus 'n rasseprobleem, die kwessie van wêreldburgerskap. Die trekkers soek na iets wat hulle eighe is. Kan dit gevind word in Afrika met sy kontinentale tragiek? Die jakkalse het gate en die voëls het neste maar die blanke het nie 'n plekkie waar hy sy hoof mag neerlê nie.

My plaasruimte is beperk, en, ek moet iets oor die swakheidjies van die werk nog sê:

De Klerk het hom deur interessante historiese feite en staaltjies laat verlei om onessensiële elemente, wat weinig funksie in die drama het, in te skakel. As Bolandse vrugtekweker moes hy geweet het om sy boom te snoei, tot net 'n paar onontbeerlike draagtakke oorbly. Hy het ongelukkig toegelaat dat wilde lote onder die entplek uitbot en saam met die draagtakke groei. Ná sy ontsaglike massa navorsingswerk kon hy die versoeking nie weerstaan nie. Aan die anderkant bewys juis die *oormaat* dat sy hooffigure leef. Die suurlemoenlote kon die lemoentakke nie versmoor nie; hulle was té lewenskragtig.

Die fonetiese weergawe van die Dorslandtrekkers se spreektaal hinder bietjie. Of sy fonetiek linguïsties reg of halfreg is, 'n moderne skrywer moet alles weglaat wat gladde leesgenot kan strem, en alles doen om die lees vir sy leser te vergemaklik, te veraangenaam en te vervinnig.

*Die Laer* is 'n sterk kandidaat vir die Hertzogprys.

A. ALBERTS.

## "KLEINBOER"

Drie dosente wat verantwoordelik is vir die onderrig van studente in die eerste jaar na matrikulasie het gevind dat beskikbare doseer-stof skaars is, ontoereikend en dikwels nikseggend — veral waar dit betrekking het op die kortverhaal. Hulle het toe saamgespan en by die firma HAUM uitgegee *Verhaal en Student* (Koos Meij, C. F. Rudolph en Gerhard Kemp — omdat dit bedoel word as handboek, is die jaar van publikasie gerieflik weggelaat; prys R2.10).

As dosente staan hulle voor die probleem dat hulle te doen kry met studente wat "stereotipe" opvattings het oor letterkunde, wat anders gesê, beteken: Hulle is geïndoktrineer met woorde en opvattings waarvan hulle die inhoud nie begryp nie. "Opperman se gedigte is vir hom dan niks anders nie as duister en basta. Of die teenoorgestelde vind ook plaas: 'n digter is groot en goed en ons sien nie meer sy gebreke raak nie. . . . Hierdie stereotipe reaksiepatrone kleur ook ons waarneming. As ons 'n verhaal lees, wil ons dit dadelik in vakke plaas: skets, kortverhaal, ens., of ons soek losstaande kerngedagtes en klimakse en lewensidees en kyk die verhaal se eie struktuur heeltemal mis" (bl. 10).

In breë trekke kan mens jou heelhartig vereenselwig met die drie skrywers se hantering van die probleem om jong mense opnuut te laat belang stel in veral die kortverhaal. Na my smaak gaan hulle egter nie ver genoeg nie: "doseer" van letterkunde het dikwels by ons geword iets wat mens kan vergelyk met "doseer" van kasterolie — met 'n lepel en op gesag! En dit moet grondig afgebreek word.

Maar ook 'n gesonde, positiewe protes soos hierdie, is onderworpe aan dieselfde waardebepalings as dit wat afgewys word. Met hierdie oorweging in gedagte wil ek twee van hulle ontledings nader beskou.

Eerstens haal hulle die kwatryn van D. J. Opperman aan: *Kleinboer.*

> Vroeg Saterdag as die koekoekhaan kraai,
> Sing ek bo-op my karretjie gelaai
> Met wortels en koolkoppe, maar swyg
> Met bitter haat as ek saans huis toe draai.

Die skrywers se kommentaar lui só:

"Eerstens kry ons hier die *uitbeelding van 'n eenvoudige kernid*ee of lewenswaarheid; die ewige konflik, teenstrydigheid tussen verwagting en werklikheid — die menslike ideale wat hulle telkens verpletter teen die harde mure van die werklikheid. Verder word hierdie kernidee fel belig tydens 'n *krisismoment* in die kleinboer se bestaan, 'n moment wanneer sy

lewensarbeid en sy ideale met ondergang bedreig word. In hierdie beslissende moment word die kleinboer gedwing tot *onthulling van sy innerlike* (*karakteropenbaring* in die verhaalkuns) en sien ons hom in sy verhouding tot groter magte en stelsels wat sy lewenslot bepaal. Deur *konsentrasie* op slegs die *alleressensiële* word 'n *universeelmenslike* ervaring *dramaties, suggestief* en *onthullend binne* vier verse saamgepers tot *'n strakke eenheid*" (bl. 24; kursivering van oorspr. teks).

Hiermee kan ek nie saamstem nie. Eerstens is dit nie een van Opperman se beste kwatryne nie. Tweedens: die belangrikste gebrek is juis een van die grootste bedreigings van die kwatryn: oorkonsentrasie. In die onderhawige geval is die konsentrasie so ver gedryf dat die gedig ook anders uitgelê kan word. Hier verwys ek na die bekende gestalte in die Afrikaanse volksgeloof wat die naam dra van *Antjie Somers.* Dis dus stof wat wyd bekend is. Die ontstaan van Antjie Somers word só verklaar: So omstreeks 1796 het 'n bandiet uit die fort Goede Hoop ontsnap en hom in die omgewing skuilgehou. Saterdae het hy hom as meid vermom na die mark begewe, sy slagoffer uit die groenteboere (almal "kleinboere") gekies, hom langs die pad oorval en beroof. Daar is niks in Opperman se *Kleinboer* wat hierdie, uiters moontlike betekenisinhoud diskontinueer nie. Uit die gedig self weet ons net dat tussen sonop en sononder iets gebeur het wat 'n ommeswaai in die gevoelslewe bewerk het. Tussenin word aan die leser oorgelaat — "gesuggereer," soos dit heet. In die onderhawige geval kan *Antjie Somers* ook gewek word deur die suggestie in die gedig. Die skrywers moet hier dus wel 'n ander voorbeeld byhaal wat nie só uiteenlopend gedui kan word nie. Ek verwys verder net na die woordestryd in Nederlandse tydskrifte enkele jaar gelede oor *Dis Al* (Jan Celliers), en na die begryplike oorskatting van *Vergeet Nie* (D. F. Malherbe) aan die begin van die Tweede Beweging.

Nog 'n geval van mistasting kry ons in die uitleg van *Die Vaal Koestertjie* (Eugene Marais; bl. 31 en 54). In hierdie verhaal kry ons te doen met die animistiese opvatting van gedaanteverwisseling (vgl. goëlband en goëlery in ons volksgeloof, weerwolf en berserkerwoede in Germaans, tiermense in Middel-Afrika, ens.). Die sleutel is hier dat wat die gedaanteverwisseling veroorsaak (hier: baard van leeu), verwyder moet word om die gedaante in sy oorspronklike vorm te herstel. Die skrywers verwar dit met *Beauty and the Beast,* waar die betowerde prins sy gedaante herwin omdat die nooientjie hom ('n padda!) uit innige deernis soen. Hierdie liefdediens verbreek alle toorbande. As ek reg onthou dan is een van De Maupassant se verhale (die heilige Christopherus) juis opgebou om die egte, diepste deernis wat 'n mens kan voel vir 'n afskuwelik verminkte melaatse en hom dan omhels — toe ontdek die heilige vir Christus.

By Nampti is daar geen sprake van deernis en liefde by

Oukiep. Hy is so bang dat hy 'n ding kan oorkom en onder dwang — nie deernis of liefde nie — trek hy die leeubaard uit.

Waar die skrywers dan só opsom: "deur liefdediens word die slegte oorwin" (bl. 54), moet ons konstateer:

(1) dis 'n verkeerde uitleg van *Die Vaal Koestertjie;*

(2) in die hele verhaal staan niks wat ook maar suggereer dat die gedaanteverwisseling van Nampti *sleg* was nie — die teendeel is waar.

Hier is dus 'n tweede geval waar die skrywers hulle opvatting sal moet hersien in belang van die taak wat hulle wil uitvoer.

Origens kan die boek goeie diens verrig, en as die aangeduide mistastings by 'n herdruk vervang word, sal die aanvaarheid en bruikbaarheid van die bundel verhoog word.

ABEL COETZEE.

# BOEKE ONTVANG

1. Paul Bauters: *Jean-Paul Sartre.* Ontmoetingen 51. Desclée de Brouwer, Brugge 1964.
2. Hugo Claus: *Louis Paul Boon.* Monografieën over Vlaamse letterkunde. Manteau, Brussel 1964.
3. E. Colledge (translator): *Mediaeval Netherlands Literature,* Sythoff/Heinemann, Leyden/London 1965.
4. W. K. du Plessis: *Keurverhale uit Moderne Nederland.* Bloemlesing van elf verhale met beknopte inleiding en biografiese besonderhede. Voortrekkerpers, Johannesburg s.j.
5. Marnix Gijsen: *Karel Jonckheere.* Monografieën over Vlaamse letterkunde. Manteau, Brussel 1964.
6. G. Knuvelder: *Stijn Streuvels.* Monografieën over Vlaamse letterkunde. Manteau, Brussel 1964.
7. Heinz G. Konsalik: *Die laaste Gevangene.* Roman uit Duits. Tafelberguitgewers, Kaapstad 1965, R1.80.
8. Prof S. P. Minderaa: *Opstellen en Voordrachten uit mijn Hoofdleraarstijd (1948-64).* Zwolse Reeks 16. Tjeenk Willink, Zwolle 1964, geb. f25.
9. *New Coin Poetry:* "A poetry broadsheet," kwartaalliks. Redakteur Guy Butler. S.A. Poetry Society, Dept. Engels, Rhodes Universiteit, Grahamstad. 25 sent per keer.
10. Ward Ruyslinck: *Het Reservaat.* Roman. Manteau, Brussel 1964. Belgiese skrywer van wie bydraes verskyn het in T.v.L.
11. S. Vestdijk: *The Garden Where the Brass Band Played.* Bibliotheca Neerlandica. Sythoff/Heinemann/Maxwell 1965.

Gedruk deur Hayne en Gibson, Doornfontein, Johannesburg